# *DIE ONSEKER KLANK*

Baie dankie, Broer, God seën jou. "My seun, Timótheüs." Dis baie goed. God seën jou. Julle weet nie hoe dit my laat voel, om 'n jong man te sien, daardie woorde te hoor, gesê word soos daardie nie. Dit beteken, Broer, dat my werk nie heeltemal tevergeefs was nie. Ek raak gevorderd in die jare, en hy's die een wat volg. En nou, dit laat my net so goed voel om te hoor dat 'n diens soos daardie, wat dit voortgebring het. Jy weet nooit wat jy doen wanneer jy Sade saai nie.

2 Daar's 'n legende oorkant in Noorweë dat, hulle het baie pragtige blomme in Noorweë, en die legende is, soos John Appleseed hier, julle weet, dat hierdie man so lief was vir blomme dat hy sy sakke vol sade gedra het, en dat hy rondgegaan en net saad gesaai het. Oral waar hy 'n plek sou sien, het hy die saad van blomme gesaai, en dis waarom daar soveel blomme is, omdat iemand saad gesaai het. Dis reg.

3 Laat ons die Saad van die Woord van God saai waar ons ook al is, want ons weet nie wat Dit gaan voortbring nie. En daardie paar Sade, daardie nag, het geval in vrugbare grond wat 'n—'n ware egte dienskneg van God voortbring, wat hier staan as 'n skynende lig.

4 Ek het by sy kerk verbygegaan nou die dag, en ek onthou natuurlik nie die seun nie, maar, vir my is hy net 'n kind, ek twyfel of hy so oud soos my Billy is. Maar hy's . . . Daar gestaan, hierdie mooi, groot Gemeente van God kerk te sien wat daaronder gebou is, ek het net 'n oomblik gestop, ek het gesê: "Dankie, Vader, hou U hand op hom."

> En, afskeid, laat agter ons
> Voetspore op die sand van tyd.

Beslis 'n blye, baie blye, herdenking. God se seëninge op julle almal.

5 Nou, môre is Sondag, en ons verwag dat al julle besoekers môre iemand se kerk sal bywoon. Hierdie manne hier op die platvorm is manne wat plaaslike predikers is, en hulle verteenwoordig hier hierdie Evangelie wat julle ons hoor preek. Hulle glo dieselfde ding wat ons glo, en sit hier en verteenwoordig dit. En maak hulle kerke môre vol, hê 'n wonderlike tyd.

6 En dan, môremiddag, gee ons die middagdiens, in plaas van 'n aanddiens te hê, want dit trek net die mense weg van hulle eie pos, en ons kan dit in die middag hê. Ons behoort heeldag Sondag te aanbid, dis die dag wat daarvoor opsy gesit is. So nou, gaan Sondagskool toe in die oggend, iewers, en bly vir die kerk.

7 En dis altyd 'n sonde om jou kinders Sondagskool toe te stuur, julle weet dit, almal weet dit. 'n Sonde om jou kinders Sondagskool toe te stuur, neem hulle. Dis 'n. . . So dan, doen jy reg, maar doen verkeerd deur hulle net te stuur.

8 En dan, môremiddag, om twee-dertig, wees betyds hier as julle kan. En ons gaan nog 'n genesingsdiens verwag vir môremiddag. Ek bid dat die Here ons uitermatig oorvloedig sal gee, môremiddag. Was so 'n ware diens!

9 As daardie. . . as daardie kok of sjef wat daardie ontbyt vanmôre gaar gemaak het, hier oorkant in die, ek weet nie wat ons die plek op die gronde hier noem nie, sê, dit was regtig goed. Om die waarheid te sê, dis die eerste goeie, vaste maaltyd wat ek hierdie week geëet het. En dit. . . Daardie koekies of die brood, wat dit ook al was, soetbrood, dit was lekker, ook al. . . Ek—ek het baie daarvan gehou. Ek wil graag daardie resep hê. Suster Wood, neem jy dit huis toe na Meda, en kyk of sy dit kan probeer maak. Dis goeie Metodiste kookkuns, dis regtig wat. . . dit was regtig lekker. Ons waardeer dit.

10 En as die dekaan teenwoordig sou wees, is ons jammer dat ons oortyd gebly het, sonder om dit te weet. Natuurlik verstaan ek, Broer, meneer, dat—dat miskien julle dienste, julle het almal net *soveel* tyd aan julle dienste toegeken, en julle is outomaties gewoond daaraan. Maar ek sê jou, Broer, hierdie Pinkstermense het regtig 'n gastronomiese jubileum wanneer hulle bymekaarkom, en hulle bly net heeldag, jy moet hulle net wegjaag, dis al wat daaraan is, hulle—hulle net van jou hande af te kry. So hulle. . . Maar ons het probeer verdaag, Billy het vyftien minute beduie, en ek dink ons het dit klaargemaak voor vyftien minute vir julle. En ons is jammer dat ons daar onderbreek het, want ons het dit nie geweet nie.

11 En ons bedank julle beslis, uit die diepte van ons hart, dat julle ons daardie ontbyt gegee het. En julle goeie dames wat bedien het, en wat ook al, baie, baie dankie. God se rykste seëninge vir julle.

12 Nou, ek het gedink aan, kan dit nie van my gedagte afkry, van hierdie, Broer Hill se bekering nie. Broer Banks Wood, een van my medewerkers, sit hier, vanaand, iewers, ek veronderstel hy het nie vandag huis toe gegaan nie, maar hy was in die diens vanmôre. Dis waar sy seun, reg, die diens net voor dit genees is. Elke keer wat hy 'n diens noem, ek. . . iets besonders. Nou, ek wil net graag, ek wil nie wegkom van my teks hier nie, maar ek wil net graag 'n klein gevalletjie vertel wat gebeur het wat regtig die vratte van my afgesny het by daardie diens; dieselfde een waarin jy bekeer is.

13 Ek sê julle, hoe maklik dit is om net weg te stap van die Koninkryk van God, as jy nie. . . My ou mamma het altyd vir my

gesê, sy het gesê: "Skat, dink altyd twee keer, en praat dan een keer." Dis baie, baie goeie filosofie, dit is regtig.

14 Ek het gebly, soos julle weet, die diens was wonderlik, en ons het buite in die platteland gebly. Daar was 'n klomp glans op die diens toe, dit het nogal 'n bietjie stil geword sedertdien, want, o, Oral Roberts, en baie ander het op die veld gekom, so hulle . . . Dis . . . Die herlewing in Amerika is net omtrent verby, julle weet dit, ons tel nou net na-oes gerwe op, net waar, dis nou net omtrent alles verby.

15 En ek dink . . . Dis waarom ek met my hele hart waarsku: "Oordeel sal hierop volg, seker soos die wêreld." Daar was nooit—was nog nooit enige tyd in die geskiedenis, waar oordeel nie gevolg het nie, en oordeel sal hierop volg. En die genesingsherlewing is nou net omtrent verby in Amerika. En my hart verlang na die oorsee, wat, miskien binne 'n paar maande, ek mag my, res van my, die res van my lewe in die vreemde velde laat bly.

16 Nou, so, in hierdie diens moes ek buite in die platteland bly, en ek was by 'n motelletjie, die broer mag weet, as hy van daardie deel van die land is. En daar was 'n klein, ek dink dit was 'n Mennoniete restaurant oorkant die—die pad, en hulle was . . .

17 Nou, die Mennoniete mense is regtig goeie mense. Ek het vandag verbygegaan en 'n Mennoniete hospitaal hier in die stad gesien, as ek my arm sou breek en na die hospitaal toe moet gaan, hoop ek hulle neem my na die Mennoniete hospitaal toe, want ek—ek hou van daardie mense, hulle is baie gaaf. En hulle gee jou altyd, ek glo dis 'n . . . Gene, hoeveel onse in 'n pond? Sestien, is dit nie? Hulle gee jou sewentien. Sien? En so, en hulle is baie gawe mense.

18 En ek was by die restaurant, en die dametjies het so mooi, skoon aangetrek, en hulle kombuise was skoon, en hulle was netjiese, gawe dames, net op elke wyse 'n ware Christendame. En ek het dit baie geniet om daar te eet, hulle kos was lekker, en so ek sou soontoe gaan en eet.

19 Wel, op Sondag het ek vir miskien twee dae nie geëet nie, om voor te berei vir die groot middagdiens, miskien toe hierdie seun bekeer is, of, na Christus toe gebring is. En so, Mnr. Baxter het namens my gepraat, as julle onthou, die middagdienste in die—in die inleidings. En so, het ek—ek honger geword, en ek het geweet ek sou net daardie middag preek, ek sou geen genesingsdiens hê nie, so ek het soort van gedink: "Wel, dit sou my nie seermaak om 'n toebroodjie te eet nie." Ek het gesê: "Ek—ek preek so hard, gewoonlik," ek het gesê: "en so lank, dit sal—dit sal alles verteer word voor die nag kom vir die genesingsdiens."

20 So ek het gesê . . . Ek het soontoe gegaan, en die Mennoniete plekkie het toegemaak, en hulle het kerk toe gegaan, en die plek was gesluit. So ek het oor die pad geloop na net 'n gewone,

Amerikaanse plekkie, waar hulle toebroodjies en koeldrank gehad het.

21 Ek haat dit om dit te sê, dit maak my net seer, want dis ons eie nasie, maar om dit so te sien agteruitgaan! Toe ek in die plek ingestap het, die eerste ding was 'n polisieman, wat staan met sy arm om 'n vrou op die verkeerde plek, besig om 'n dobbelmasjien te speel. Nou, dobbel is onwettig in Ohio, baie van julle Ohio mense weet dit. En dan nog 'n polisieman, wat veronderstel is om die wet te onderhou, wat daar staan en die wet oortree, en 'n man van my ouderdom, wat miskien kinders by die huis gehad het, en 'n vrou, wat daar gestaan het met 'n arm om 'n vrou. Ek het gekyk, en ek het gedink: "O, goeiste!"

22 Ek het iemand hoor lag, ek het agter na die agterkant toe gekyk, en 'n klomp van hierdie kêrels hier . . . Wat noem jy hulle? Beatniks, of wat ook al . . .? Daardie hare wat plat gesny is aan die bokant, en 'n eend wat agter op hulle nek sit of iets, oorpakbaadjies aan, en hulle broeke ver afgetrek soos *hierdie*, en . . . Seuns, wees 'n man. Julle kan beter vaar as dit. Goeiste! So daar het hulle daaragter gesit, en 'n jong dame, nie meer as sewentien of agtien jaar oud nie, en daardie jong dame, soos hulle gemaak het, wat daar oral oor haar was, dit was 'n skande. En ek het gedink: "Wel, wat daarvan?"

23 Ek het iemand hoor sê: "Dink jy die reën sal die rabarber beskadig?" Ek het oorkant na *hierdie* kant toe gekyk, en daar het 'n vrou gesit, ek—ek sê . . . Ek—ek glo nie—ek glo nie hierdie is 'n plek om 'n grap te maak nie, hierdie is 'n plek om eerlik en opreg te wees. En daar het 'n vrou gesit wat my ouma kon gewees het. Sy het daar gesit met daardie klein, onsedelike kleertjies aan, en die vrou het pers-geverfde toonnaels gehad. Nou, my toonnael was al pers, maar nadat ek dit gestamp het, of iets, maar dit was pers-geverfde toonnaels, met pers-geverfde *manikuur* op haar lippe, julle weet, en—en—en klein kolletjies op haar gesig. En die klein . . . die dame het baie kort gesnyde hare gehad, en blou geverf.

24 Nou, ek—ek . . . Dit, nou, daardie dame het 'n reg op enigiets wat sy wil, sien, dis niks vir my nie, sien, maar ek—ek glo nie die Here het ooit enigiemand met blou hare gemaak nie. Ek—ek . . . Dit het baie vreemd gelyk. En die arme ou ding, oud, en die vleis aan haar arm was pap, het gehang, julle weet, soos *daardie*. En so, ek het na haar gekyk.

25 En daar was 'n ou man, en dit was, ek's bevrees dit was in, somertyd, laat lente, rondom Mei of Junie, en die ou kêrel wat daar sit met 'n weermagoorjas aan, en 'n groot serp om sy nek gedraai, twee van hulle, dronk. Hulle het daar gesit en drink. So, hulle het hulleself verskoon en uitgegaan, haar alleen gelos.

26 Ek het daar gestaan, en ek het gesê: "Almagtige God, Skepper van hemel en aarde, ek het van 'n bergtop na 'n rotnes

toe gekom." En ek het gesê: "Hoe kan U, as heilig, soos ek weet U is, ooit na so 'n toneel soos daardie kyk, en dit laat bestaan? Waarom stuur U nie net 'n aardbewing en sink die hele ding nie?" Ek het gesê: "Om te dink dat my klein Sarah en Rebekah grootgemaak sal moet word onder sulke goed soos daardie! Om te moet, soos daardie jong vrou daaragter, en kyk hier daarna, vroue, en hier, en mans wat maak soos hulle maak! En die wette van ons land verrot en besoedel, en—en. . ." Die wette is goed, maar hulle wat dit probeer afdwing, en so-iets soos daardie! Ek het gedink. . .

27 ['n Suster praat in tale, 'n broer gee uitleg: "Ja, wat wil jy hê behalwe die liefde van God? Ja, Ek sê vir julle, vanaand, my mense, word wakker, ja, want Ek is God en sal dit nie verduur nie, ja, hulle sal nie standhou nie, sê God. Sal Ek nie, soos hy sê nie? Ja, sal My profeet nie vir julle die toekoms bring nie? En sal Ek nie met julle spreek en sê dat julle sekerlik sal omkom as julle nie gewortel is nie? Ja, sê Ek, dit is jy wat sal sê wat gedoen sal word. Tog, Ek sê dit is Ek, God, wat geneem sal word, ja, dit is Ek, God wat aan julle gegee sal word. Ja, en ek sê, aanvaar, vanaand, sê Ek weer, aanvaar Hy wat Bevelvoerder van alle dinge is."—Red.]

28 Prys die Here! Nou, ek ken nie daardie dame nie, en ek weet nie wie daardie uitleg gedoen het nie, ek ken nie hierdie man nie, maar nou, as julle enige twyfel het of dit reg was of nie, wag tot ek my storie klaarmaak.

29 Ek wou hê God moes haar doodslaan, die hele ding uitwis. Ek het 'n baie snaakse gevoel gekry, ek het agter die deur ingestap. Luister, wat hy gesê het: "Dis Ek, God, wat gegee is." Sien? En ek het agter die deur ingegaan. Nou, hierdie is vir julle Metodiste studente in die gebou, luister hierna, en God is my Regter, ek het agter die deur ingestap, en ek het gesê. . .Iets het aangegaan, en ek het gekyk, en dit was 'n visioen wat beweeg het, en ek het die aarde gesien, en daar was soos 'n—'n sirkel of 'n mistigheid van rooi, om die aarde, wat draai. En ek, het gelyk asof my oë op myself gefokus was op die aarde, wat sondige dinge doen wat ek nie behoort te doen nie.

30 En elke keer wat ek iets verkeerd begin doen het, het ek opgelet dit sou opgaan voor God, en as dit nie vir daardie Bloedmistigheid was nie, sou ek gesterf het. Maar die Bloed van Jesus tree op soos 'n buffer op 'n motor, en elke keer wat my sonde God sou tref, voor God se troon, het dit gelyk asof dit Jesus sou tref voor dit die troon tref. En Hy sou Sy kop skud, en die trane sou teen Sy wange afrol, en Hy sou sê: "Vader, vergewe hom, hy weet nie wat hy doen nie."

31 Dan sou ek iets anders verkeerd doen, en dan gelyk asof Hy net soos 'n buffer tussen my en die dood opgetree het, want God het alreeds my dood verklaar: die dag toe ek gesondig het, dit was

die dag wat ek gesterf het. En toe, ek kon nie verstaan, waarom daardie mistigheid om die aarde nie.

32 En ek het daar opgekyk, en toe was my—my boek oop. En dis 'n visioen, net soos ek hier in die gebou sien, net hierdie is net dié wat julle veroorsaak, dit was een wat God gegee het. En ek het opgelet dat daar my naam op 'n boek was, en allerhande soorte sondes was teen my geskryf op daardie boek.

33 En ek het gesê: "Here, het my sondes U so laat ly?" En Hy het gehuil, die trane was in Sy gesig, en—en Hy het so moeg gelyk, Sy arme, leep-oë, soos ek gesien het my sondes Hom laat ly het. Ek het gesê: "Here Jesus, ek is jammer. Ek is jammer dat my sondes veroorsaak het dat U—moes ly vir my. Sal U my vergewe? Ek belowe dat ek—ek goed sal wees, en ek alles sal doen wat ek kan, as U my net sal vergewe."

34 En Hy het aan Sy sy geraak met Sy hand, en Hy het oor daardie boek geskryf: "Vergewe," dit oor Sy rug gestoot in die See van Vergetelheid, om dit nie meer teen my te onthou nie. En ek het op my knieë geval, en ek het gesê: "O Here, ek kan nooit lank genoeg lewe om aan U my dankbaarheid te betuig dat U my sondes vergewe het nie."

35 Hy het gesê: "Nou, Ek vergewe jou vryelik van alles wat jy gedoen het, en jy wil haar vernietig."

36 Dit het my 'n les geleer. Toe die visioen my verlaat het . . . Nou, kyk na daardie interpretasie: "God is vir ons gegee." Sien dit? Volmaak volgens die woorde wat . . . Voor ek dit nog gesê het . . . En daar's mense wat hierbinne sit van my kerk, en dinge, wat my al vantevore daardie storie hoor vertel het, en weet dat dit waar is. Dis presies. Sien? Wys hoe volmaak daardie Gees van God, wat daar in onbekende tale praat, en dit uitlê, nie een van hulle wat my ken, of geen niks . . .

37 ['n Suster praat in tale, 'n broer gee uitleg: "Ja, sal Ek My profeet stuur wat ween? Ja, sou Ek hom stuur om te soek, as dit nie vir julle was nie? Ja, Ek sê vir julle, vanaand, my volk, dit is Ek, God, wat voor julle staan. Ja, wil julle My nie volg nie? Ja, was Ek nie die—die Een wat julle liefgehad het nie? Ja, was Ek nie Hy wat julle ongeregtighede gedra het nie? Ja, was Ek nie Hy wat gely het nie? Ja, sal julle My laat ween? Ja, sal julle My oor julle laat ween? Ja, Ek sê vir julle, vanaand, moenie vrees nie, want Ek staan, ja, Ek staan gereed om te ontvang. Sal julle kom? Sê die Here."—Red.]

38 Prys die Here! Luister daarna. Net 'n oomblik. "Hoe lank sal julle huiwer tussen twee opinies?"

39 Weet julle wat ek gedoen het? Nou, hou die storie dop soos dit aangaan. Ek het uitgestap na die vrou, wat daarbuite gestaan het. Ek het gesê: "Vader, vergewe my." Ek het uitgestap na haar toe, ek het gesê: "Kan ek maar sit?"

Sy het gesê: "O, hallo." Sy het gesê: "Ek—ek het geselskap."

40 Ek het gesê: "Dame, ek het dit nie op daardie manier bedoel nie." Ek het gesê: "Ek wil net graag hier sit net 'n oomblik, totdat jou vriende terugkom." Ek het gesien sy het gedrink.

41 En sy het gesê: "Goed dan." En ek het vir haar die storie vertel wat vir my vertel is deur die visioen. Sy het gesê: "Ek weet wie jy is," het sy gesê: "Jy is daardie Mnr. Branham wat hieronder in daardie wapenkamergebou is."

Ek het gesê: "Ja, mevrou, ek is."

42 Sy het gesê: "Ek het by jou diens verbygegaan nou die aand, ek kon nie inkom nie." Sy het gesê: "Mnr. Branham, daar is nie enige hoop vir my nie." Sy het gesê: "My pa was 'n Metodiste prediker, ek het twee dogters wat Metodiste Sondagskoolonderwyseresse is."

Ek het gesê: "Wat het gebeur?"

Sy het my die storie vertel. Sy het gesê: "Daar's nie 'n hoop vir my nie."

43 Ek het gesê: "Dame, as daar nie 'n hoop vir jou is nie, waarom het God my dan daardie visioen gewys?" En daar met my hand in hare, het ek haar reguit uitgelei na die middel van die vloer, en daar neergekniel, en 'n biduur gehad, en haar teruggelei na God, net daar.

44 Daar mag iemand hierbinne wees, vanaand, in daardie toestand. Genade van God, dis uitgestort in ons harte deur die Heilige Gees. Sien?

45 Ek onthou daardie diens goed, seun. Dit herinner my hieraan: Maak nie saak wat die persoon gedoen het nie, wees lief vir hulle, en dis wat hulle wen.

46 Môremiddag, nou, moenie die dienste vergeet nie, as die Here wil, wil ons vir die siekes bid.

47 En ek wil hierdie stelling maak voor ek my teks neem, dat, gisteraand, toe die salwing van die Heilige Gees . . . Wat ek nie, op geen manier, bedoel het om enige soort diens soos daardie te hê nie, ek het heeltemaal daarvan vergeet, ek sou my broers neem en afgaan onder daardie mense wat hier in beddens gesit het, draagbare, op sterwe, rolstoele, ensovoorts, en staan daaronder, en hou . . . En ek het vir Broer Hearn gesê, dat toe ek my broers hiernatoe gestuur het, vir hom om by my te staan, wou ek hê hulle moet . . . Ek het net gevoel nadat ek gebid het, en skaars geëet het vir die hele week, om . . . dat iets hier sou gebeur wat die mense sou laat wakker skrik.

48 Net, God kan net werk waar daar geloof is. En ek het gedink die harde prediking, ensovoorts, sou sekerlik die mense by 'n punt bring, en die bevestiging van die Teenwoordigheid van die Heilige Gees sou so volmaak wees, dat hulle nie kon twyfel nie.

En deur dit te doen, het ek—ek gesit, soos daardie, met my hele hart geglo dat God iets op daardie manier sou doen. En voor jy jou kom kry, het die salwing neergedaal, het dit begin daarbuite in daardie gebou, daardie mense gevang wat daarbuite op sterwe was, in 'n toestand, en hier het dit gekom, reg in daardie ry af, daardie mense reg af deur daardie beddens en draagbare genees, die plek skoongemaak soos dit deurgegaan het.

49 Die laaste wat ek onthou was iewers daarlangs, en mense wat opgestaan het uit hulle rolstoele, en beddens, en draagbare, en om genees te word, dit was omtrent die laaste ding wat ek onthou het. Dit was so 'n glorieryke uitstorting van die Heilige Gees.

50 Ek weet nie of enigiemand onder salwing soos daardie kan sit, en dan omdraai, sê: "Nee, ek—ek—nie . . . " Ek glo dat dit soort van moeilik sou wees vir jou om ooit genees te word, as—as jy nie kon—as jy dit nie daaronder kon ontvang nie, ek—ek dink nie daar sou enige manier wees om ooit meer in te kom nie, sien, onder sulke salwing soos daardie. Nou, dit was 'n wonderlike tyd!

51 Nou, om eerlik te wees, vandat ek weg is, was ek voortdurend in herlewings van Desember af. En nou, ek was in plekke waar dit vol mense was, en groter dienste en dinge, maar ek het nooit geweet enige tyd dat die Heilige Gees ooit gesalf het met sulke salwing vir genesing, soos dit gisteraand net hier gedoen het nie. Dis reg. En ek is so dankbaar daarvoor.

52 En onthou julle maar net, dat daar mense is wat gisteraand hier was, wat julle van hulle sal hoor, hulle is—hulle is genees, en dit nie weet nie. Sien? Hulle—hulle verwag net dat iets spontaan met hulle kan gebeur het, dit hoef nie soos daardie te kom nie, solank daar *iets* daarin is wat sê: "Ja, dit handel dit af," gee ek nie om hoe lank dit dit neem nie. So, julle predikers onthou dat julle in julle kerke mense sal sien kom, wat sê: "Wel, jy weet, ek—ek het dit net nie meer nie." Sien?

53 En dan, het my seun my vertel dat die dame wat gekom het, nou hier kan wees, wat gesê het: "Kyk na my kind se oë, haal die bril af," so verskriklik skeel, die bril afgehaal, en Billy het gesê die oë was beter as syne. So, daar's net . . . Dis net, dis wat dit is. Sien, niemand het hulle aangeraak nie. Sien, dis wat ek by die mense probeer kry, is dat dit nie is of ons julle aanraak of nie, dis julle wat *Hom* aanraak. Sien? Dis jou geloof wat jou genees.

Nou, vanaand, laat ons ons hoofde net 'n oomblik buig, terwyl ons die bladsye van die Boek oopblaai. En dan, so, stil word.

54 Here Jesus, ons nader U troon van genade weer, en vra vir Goddelike leiding, vanaand, dat U ons mag rig in ons gedagtes, en ons . . . In die wete, vanaand, dat ons harte meer as gelukkig is, soos Dawid gesê het, van ouds: "My beker loop oor."

55 En hoedat ons weet, na ’n diens soos daardie gisteraand, dit gelyk het asof, Here, dat hierdie hele stad aan die brand gesteek sou word! Maar waar is hulle? Here, waarlik, hoe kan ons help om te glo dat U hulle verordineer het tot die Lewe, of, deur U voorkennis, U geweet het wie U sou ontvang, en wie nie! Hoe kan ’n man kom, dat wanneer God hom nie geroep het, of hom tot die lewe verordineer het nie? So ons besef soos dit was deur die eeue, so is dit nou, dat arme, ellendige, verblinde mense, tog baie goedhartige mense, gawe mense, wat ’n goeie, regverdige lewe lei, sover dit sedes betref, en tog totaal verlore en gedaan is, sonder hoop, sonder God, sonder genade, in hierdie donker, sterwende uur.

56 Vader, my hart bloei, en pleit, en ek weet nie wat anders om te doen nie, maar bly net my stem gee, dat dit op daardie Dag, op magnetiese bandopname in die Heerlikheid sal wees.

57 En ek bid dat U sal voortgaan om met ons te wees en ons te help. Seën die dienste môre, soos my predikende broers oral bedien in hulle kerke. O, mag daar Vuur uit die Hemel op elke altaar wees! Skenk dit, Here. Mag daar groot dienste dwarsdeur die streek en dwarsdeur die land wees môre, en alles red wat redbaar is.

58 Seën die dienste vanaand, en hierdie paar Woorde, Here, wat gelees is vanmiddag, hier in die Skrif, en waar ek gekies het om ’n paar woorde te spreek, vanaand. Mag dit so wees, dat baie geloof sal ontvang en aan Jesus glo, want ons vra dit in Sy Naam. Amen.

['n Broer praat in tale—Red.]

59 Um-hum. Heilige Gees mag . . . Gewoonlik kom boodskappe in drie; daar kan nie meer as drie boodskappe op ’n slag wees nie, volgens die Skrif. Maar dis die derde boodskap, en dit mag die Heilige Gees wees wat dit by iemand probeer kry, so wees baie eerbiedig, almal.

60 ['n Broer gee uitleg: “Ja, jy wat ’n oor het om te hoor, laat hom hoor wat die Skrif te sê het. En Ek het vir My dissipels gesê, toe Ek hulle nader op die pad na Emmáüs, dat as hulle net wou glo, en soos hulle hulle harte oopgehad het vir die Skrifte, soos Ek die woorde van die Lewe tot hulle gespreek het, hulle harte in hulle gebrand het, as jy net jou oë wou oopmaak dat jy kan sien, jou ore dat hulle kan hoor, sou jy glo, en sou die heerlikheid van God ontvang.”—Red.]

Amen. Dankie, Here.

Ek sou daaruit neem, dat hulle sou wees soos . . . dat Jesus . . . Hier is my gebed vir Hom, oor daardie boodskappe:

61 God, laat dit wees, vanaand, wanneer . . . U ons afgesonder het soos U diegene het wat van Emmáüs gekom het, en mag ons, vanaand, U iets onder ons sien doen soos U het voor U kruisiging,

dat die wêreld wat hier is, vanaand, of, die Kerk, mag weet dat U opgestaan het uit die dood.

62 Mag Hy. . .Hoe het hulle geweet Hy was dieselfde Jesus? Want Hy het dieselfde dinge gedoen wat Hy gedoen het.

63 Nou, asseblief, bly almal in julle sitplek, en wees baie eerbiedig, ek vra julle in Jesus' Naam, sit, wees baie eerbiedig, en luister.

64 Nou, die Heilige Gees het gespreek deur 'n sekere soort gawe, van tale en uitleg, was nie een ding daarin wat ek sou misken nie, maar glo dit kom van God af. En nou, dit het gekom voor ek die Skrifte gelees het, dis nie veronderstel om gesê te word terwyl ons preek nie, "Die gees van profete is onderworpe aan die profeet." En nou, het dit ordelik gekom, goed. En, nou, dit lyk asof Hy probeer druk dat God iets gaan doen, egter, ek het nie enige gebedskaartjies uitgegee vir 'n genesingsdiens nie, maar iets mag plaasvind, ek weet nie.

65 Maar het julle opgelet wat dit was? Dat Jesus, toe Hy. . .Hulle het gedink Hy is gekruisig, en was weg, maar Hy het heeldag lank met hulle gepraat, en hulle het Hom nie geken nie. En toe daardie aand, het Hy hulle in die kamer gekry en die deur toegemaak, toe Hy in die herberg was, toe het Hy iets gedoen, net soos Hy het, niemand anders het dit so gedoen nie, en Hy het dit gedoen net soos Hy het voor Sy kruisiging, en hulle. . .En wat het Hy toe gedoen? Hy het in die donker verdwyn. En hulle hardloop al die pad terug na hulle mense toe, en sê dat Jesus waarlik opgestaan het uit die dood. Hulle het dit geweet, want hulle het geweet Hy het iets gedoen net soos Hy het voor Sy kruisiging, 'n bewys was dat dit dieselfde Jesus was, opgewek uit die dood. Mag Hy dieselfde ding doen.

66 En wanneer ons hier vertrek, vanaand, na ons verskillende huise toe gaan, mag ons in staat wees om te sê soos hulle wat van Emmáüs gekom het, "Was ons harte nie brandende in ons, soos Hy met ons gepraat het langs die pad nie?"

67 Een Korinthiërs, 14de hoofstuk, die 8ste vers:

> *Want as die basuin 'n onduidelike klank gee, wie sal hom gereedmaak vir die geveg?*

68 En ek wil praat oor die onderwerp van *Die Onseker Klank*. Nou, Paulus het gepraat (Is dit nie vreemd nie?) oor dieselfde ding hier, oor die gee van tale en uitleg. *Die Onseker Klank*.

69 Nou, ons lewe in 'n dag van onsekerheid. Ons lewe in die dag wanneer daar alles is, amper, waarop ons ons hande kan sit, natuurlik, onseker is. Daar is soveel onsekerheid dat die nasies bewe—bewe. Daar's onsekerheid in ons nasionale veiligheid; daar is geen volk wat meer veilig is nie.

70 Ons kan óf die—die slagoffers van Rusland wees, teen middernag vanaand, óf in stukke wees, dit hang af van wat Rusland daaraan wil doen.

71 Ons praat van ons wetenskaplikes, hulle het manne wat hulle tweehonderd myl in die lug kan sit, in ’n masjientjie wat reguit oorkom, sit hulle reg bo-oor hierdie volk, en stuur ’n boodskap af, en sê: “Gee óf oor, óf ons trek ’n hefboom, en dis al.” Hulle hoef nie te wag tot môre om dit te doen nie, hulle kan dit net nou doen.

72 As ons verstandig is, wat sou ons doen? Wat sou die—die Pentagon, wat sou die—die—die volk doen? Dit sou oorgee, hulle sou moes. Wat sou dan gebeur? Golf na golf van Russiese soldate sou hier in ons land inklim, ons vroue molesteer, julle huise afvat, en julle uitskop in die straat, en julle skiet, en julle kinders voor julle doodmaak, en die nasie oorneem. Dan sou ons weet watter sonde . . . hoe ons was . . . wat dit beteken het om te lag in die gesig van ’n godsdienstige diens, en hulle ’n klomp holy-rollers noem, of . . . Onthou, dit kom. Daar’s geen nasionale veiligheid nie.

73 Ons—ons is—ons is by—ons—ons is by—ons is, weer, Bélsasar se fees. Hulle het gedink omdat hulle binne daardie groot mure was, die beste van—van die wetenskaplikes, die beste strydwaens (Hulle kon drie of vier strydwaens langs mekaar ry om daardie muur van Babilon en—en sonder om ’n . . . ’n perd te verloor, of ’n strydwa. En die yslike groot poorte, wat waarskynlik half . . . o, veertig, vyftig voet breed was, soos daardie.), daar was geen volk wat by hulle kon uitkom, of enigiets anders nie, so hulle het net in sonde gelewe, enige manier wat hulle wou. Maar God kan bo-oor die muur kyk.

74 En hulle het ’n—’n gewone, groot teepartytjie een aand gehad, of ’n groot dronkpartytjie, wat dit was, iets soos party van ons moderne televisieprogramme, waar hulle, nadat hulle goed en dronk geword het, hulle gedink het hulle kon ’n paar grappe maak oor die kaalkop prediker, of so-iets. En wat het gebeur? Hulle het gegaan en die voorwerpe van die Here gekry, en wyn daarin gedrink om te spot. En daardie aand, dit was, onthou julle, dit was die begin van die Heidense koninkryk.

75 Ek wil julle mense iets vra wat ’n bietjie krities mag wees. Enigiemand wat die Bybel ken, weet dat God begin . . . met die Jode gewerk het tot by Koning Nebukadnésar; die kop van goud die begin was van die Heidense ryk, eindig onder in die voete in Rome. Dit reg, broers, julle Bybelstudente? Kyk wat gebeur. Wat het dit gedoen aan die einde van daardie koninkryk? Daar het ’n handskrif teen die muur gekom wat in onbekende tale was. Niemand kon Dit uitlê nie, maar hulle het ’n man daar gehad wat die gawe van uitleg gehad het. So, hy het gekom en die handskrif teen die muur gelees.

76 En Dit is weer hier gelees, vanaand, deur dieselfde soort Gees, gegee deur dieselfde God. Die handskrif is aan die muur, al die tyd wat ons ons geld spandeer het, en grappe, en alles, ons word net 'n groot klomp grapmakers, wat lag vir godsdiens, dit bespot, en die heeltyd het Rusland dinge in die lug geplaas wat so ver voor ons is, dat hulle jare en jare en jare voor ons is. Julle onthou die Mede-en-Perse was by die poort, het gewag, toe hierdie dinge gebeur het, en hulle het niks daarvan geweet nie.

77 Daar's geen nasionale veiligheid meer nie. Wanneer hulle vir jou sê ons is veilig, dat ons *dit* of *dat* kan doen, maak hulle 'n fout. "Grawe 'n gat in die grond," party van hierdie nasionale verdedigingsgoed: "en hardloop onder die grond in," en daardie bom sal 'n gat in die grond skiet, 'n honderd-en-vyftig voet diep, 'n honderd-en . . . vierkante myl, wel, as jy vyfduisend voet onder die aarde was, sou jy in die lawa gewees het, en as jy vyfduisend voet onder die aarde was, sou die skok elke been in jou liggaam breek.

78 So jy kan nie ondertoe grawe en wegkom daarvan nie, daar's glad geen manier om dit te ontsnap nie. Daar—daar's net een skuiling waaronder jy kan inkom, en daardie skuiling is nie van staal gemaak nie, dis gemaak van vere, onder Sy vlerke. Halleluja, Hy's sterk; dis die enigste skuiling. Gaan bokant dit. Die Wegraping, wat kom.

79 Nou, daar's onrustige vrede. Julle hoef nie te dink, yslike groot nasies soos Rusland nie, klein nasies kan dit doen nie. Ons is net aan die einde van die pad.

80 En die mens, wat doen hulle? Een . . . Ons verkoop 'n hele klomp goed aan een nasie, probeer vriendskap koop met ons geld, en die einste Indiaan van wie ons die geld geneem het, of, die land van afgeneem het, ons sterf van die honger daar oorkant op die prêrie, en vat sy skape van hom af weg, en laat hom daarbuite lewe met TB, en al die res, in 'n tent, en dan geld oorsee stuur, daar oorkant, dit *nasionale verdediging* noem, probeer vriendskap koop. Jy kan nie vriendskap koop nie. Spandeer miljoene dollars elke jaar aan whisky en bier, en ons sendelinge op die veld, wat doodgaan van die honger. Dis waar.

81 O, sekerlik, ons is gedaan, die volk is gedaan. Alle nasies is gedaan, nie net hierdie volk nie. Ek dink hierdie is die koningin van nasies, dis die waarheid, dis die groot, laaste beskawing wat ons het, maar sy's klaar, dis alles verby. Ons is net gereed vir die Koms van die Here. Dis reg. Die Kerk wat Haarself gereed maak. Teen die tyd dat ek klaarmaak, môremiddag, as die Here wil, kyk julle of dit nie reg is nie. Nou, met die—met die Woord van die Here, kyk of dit nie waar is nie.

82 Nou, onthou dat ons nie meer vertroue in enige veiligheidsplek op die nasies kan plaas nie. Ons gaan na Rusland, dis 'n . . . wees dat ons hulle sal opblaas; as hulle sê

*hier*, sal hulle ons opblaas; as ons na Japan toe gaan, sal net dieselfde ding wees; sy's gereed om te uit mekaar te skud net nou. En daar's geen manier waarop jy dit kan stop nie, want hulle het versuim om presies te doen wat God vir hulle gesê het om te doen, en in plaas van om die Evangelie te preek, het hulle geboue gebou, en goeie studiebeurse gehad, en geleerdheid, hulle het hulle eie idee gebruik om mense daarin op te voed.

83 En hierdie man wat teregstaan, hierdie Duitser nou, slim, intelligente, intellektuele reus, en hierdie Eichmann neem, wat daardie mense doodgevries het, toe warm water op hulle gegooi het, en die miljoene doodgemaak het, en toe ek in Duitsland was, daar in daardie plekke waar hulle hulle daar uitgeneem het en hulle daardie borrel in hulle aar gegee het, Hitler, en hulle daar uitgestuur, en slim, geleerde, wetenskaplikes, ver bokant (Wel, ons was . . . die helfte van die oorlog was verby voor ons ooit 'n geweer gehad het wat kon vergelyk met hulle .88. Wat van julle soldate wat dit trotseer het? Julle weet dis reg. Wel, ons . . . ), hulle is so ver voor ons in wetenskap, en slim, en alles soos daardie, en sou omdraai en 'n ding soos daardie doen? Dis kranksinnigheid.

84 En enige jongmense wat in 'n gebou kan staan met hulle hande op vir al hierdie aanganery van ruk-en-rol, en goed, en beatniks, dis kranksinnigheid! Dis gevaarlik. Hulle het gegaan, die verstandelike vermoëns is daarmee heen. Onthou, die boom van kennis gaan net *so ver* en dit swaai agtertoe.

85 So daar het ons geen—geen klank van sekuriteit in nasionale verdediging nie. Ons werk, ons het geen sekuriteit in ons—ons werk nie, dis alles onseker. Laat 'n man verby omtrent vyf-en-dertig jaar oud gaan, sal hulle jou uitroei, hulle sal 'n jong man kry, sodat hulle jou nie hoef af te dank nie. En nadat jy veertig jaar oud is, probeer jy 'n werk kry, selfs 'n sloot grawe, jy sal 'n hoërskooldiploma moet hê voor jy dit kan doen. Hulle het 'n knoppie wat hulle kan druk, en dit sorg in elk geval daarvoor. Julle werke, julle het geen sekuriteit in julle werke nie.

86 Ek weet nie hoe waar dit is nie, maar daar is vir my vertel dat daar meer mense sonder werk is net nou, as wat daar was gedurende die tyd van President Hoover se depressie, want daar's meer mense. Wat is die probleem? Dis net op 'n plek waar daar geen sekerheid in hierdie dinge is nie. Jy's nie seker van jou werk nie, iemand kan jou plek inneem in die oggend.

87 Politiek . . . Laat ons net 'n rukkie praat, vanaand, hierdie is Saterdagaand. Politiek, korrup? Albei kante, net so korrup as korrup kan wees. Dit het dit bewys in hierdie laaste verkiesing, toe die FBI dit ontbloot het, dat hulle masjiene gehad het wat elke keer wat hulle vir een gestem het, vir Mnr. Nixon, moes hulle terselfdertyd vir Kennedy stem, en hulle het dit bewys. En wat het hulle daaromtrent gedoen? Niks nie. Nou, ek's nie 'n Demokraat, of 'n Republikein nie, nie een nie, ek's 'n Christen.

So een, pot kan nie ketel swart noem, of vetterig nie, een is net so swart soos die ander een, net so vuil soos die ander een.

88 Maar wat is die probleem? Dis omdat daar geen sekuriteit in daardie dinge is nie, dit is uitgespeel. Die groot Laerhuis van Engeland, het eenkeer gesê, oor demokrasie, gesê: "Demokrasie is alles seile, en geen anker nie." Gesê: "Dit sal gebeur dat politici op seepkiste sal staan, en die verkiesings in Amerika maak, en hulle pad inbetaal vir . . . " Dit presies reg, maar hy het nie gedink aan sy eie mooi, pragtige Huis van Here wat dieselfde ding sou doen nie. So dit wys dat al hierdie dinge verrot en verdorwe is, want daar kom 'n Koninkryk wie se Stigter, 'n Stad wie se Boumeester en Oprigter God is. Hierdie dinge moet padgee.

89 Politiek is alles . . . Ek glo demokrasie, sekerlik, ek's 'n Amerikaner, en ek glo in demokrasie, maar, o, goeiste, maar die verrotte goed wat in demokrasie is! Dis reg. So, dit wys dat al hierdie mensgemaakte, aardse idees moet plek maak vir 'n Koninkryk wat kom.

90 Ek het die voorreg gehad om op die gronde in Egipte te staan, waar die farao's gestaan en die mense vermoor het, waar die gladiators, ensovoorts, jy grawe twintig voet onder die aarde om hulle koninkryk te kry, waar dit gestaan het. Ek het gestaan waar die farao's gestaan het, ek het gebly waar die . . . en die—die groot koliseums, en—en die verskillende plekke in—in Rome, en die . . . en in die . . . farao's, ensovoorts, en hulle koninkryke het geval, en in plaas van net hier uit te kyk om hulle te sien, moet jy afgrawe om die ruïnes van hulle te vind. Wys dat elke mensgemaakte koninkryk, elke mensgemaakte stelsel, moet padgee.

91 So, julle sien, ek gee nie om watter soort demokrasie, hoeveel V.N.'s ons bou, hoeveel Volkebond, of enigiets wat ons het nie, dis alles aan die verval.

> Tyd is gevul met vinnige verandering,
> Niks op aarde sal bly staan,
> Vestig jou hoop op Ewige dinge,
> Hou vas aan God se onveranderlike hand!
>
> Wanneer hierdie reis voltooi is,
> En jy aan God getrou was,
> Helderskoon jou tusite in die Heerlikheid,
> Wat jou weggeraapte siel sal aanskou!

92 Gee nie om hoeveel geld jy kan maak, of hoeveel geboue jy kan bou, of hoeveel van 'n president jy uit enige maatskappy kan kom nie, dit val, verkrummel.

93 Die gedagte is nou in my gemoed, van daardie derde engel se boodskap wat uitgegaan het, Martin Luther, John Wesley, en die volgende engel. Wat het die laaste engel se boodskap gesê toe hy oorgegaan het, die drie engele? "Babilon het geval, geval, het die woonplek geword van elke onrein gees." Dis presies waar dit is.

94 Sekerlik, ons het geen sekuriteit in ons volk nie. Dis oral onseker. Onsekerhede, onseker in jou werk, onsekerheid in politiek, onsekerheid in die Demokratiese party, onsekerheid in die—die Republikeinse party, onsekerheid in al die partye.

95 En in die kerk, is dit ook onsekerheid. Hoe kan ons omtrent negehonderd verskillende organisasies hê, en elkeen van hulle wat van mekaar verskil, en dan met mekaar stry? Hoe kan 'n arme lekedom weet wat om te doen? Hoe kan die mense weet waar om te staan? Een sê: "Ons het *dit* hier oorkant," 'n ander een sê: "Ons het *dit* hier oorkant," en "Ons het *dit* hieronder." Wat weet die mense wat om te doen? Dis onsekerheid, die kerk gee 'n onseker klank.

96 Politiek gee 'n onseker klank, die volk gee 'n onseker klank, werk gee 'n onseker klank. O, ek kan praat van 'n honderd dinge wat onseker is, geen sekerheid daaroor nie.

Die Metodiste kerk sê: "Ons het *dit*."

Die Baptiste kerk sê: "Jy lieg, ons het *dit*."

Presbiteriaan sê: "Julle albei lieg, ons het *dit*."

97 Die Pinkster sê: "Ons het *dit*." Kyk net hoe ons opbreek, en stry, en baklei, en alles, dit wys ons het *dit* nie. Presies reg. So, dis 'n onseker klank.

98 Die onseker klank, jy kan nie. . . Julle sê: "Wel, ons gaan in 'n gat ingaan, en in die grond ingrawe, vir nasionale veiligheid." Probeer dit eenkeer, kyk wat gebeur.

"Ek het 'n werk, broer, ek het 'n belofte." Laat hulle net eenkeer van base verander.

99 Huislewe is onseker. 'n Man kan met 'n gawe vroutjie trou, haar hier agter uit die platteland kry, hier, waar sy nie besoedel is nie, neem haar in 'n huis in en sit 'n televisie daarin, en die eerste ding waarvan jy weet, as jy huis toe kom, tree sy op soos party van hierdie filmsterre.

100 Onsekerheid in die huislike lewe. Laat haar kinders uithardloop op straat met vuil gesigte, en buite in die straat speel, en 'n klein ou, snotneus hondjie in haar arm hou, en dit 'n kind se liefde gee. 'n Ou hondjie ronddra in 'n motor, en geboortebeperking toepas. Skaam die Amerikaanse vroue! Dis verskriklik om dit te sê. Ek weet nie, maar hierdie is een keer wat julle dit gaan hoor, in elk geval, as julle net sal stilsit, en nie aanhou uitgaan nie. Iemand kan net *soveel* uithou, en dan moet hulle ontplof en hardloop, maar—maar—maar luister, dis waar, dis die waarheid. Iemand moet uitroep teen daardie ding!

101 En daar's baie goeie predikersbroers wat in die preekstoel staan wat weet dis die waarheid. Maar wat is hulle preekstoel? Dis 'n etekaartjie vir hulle. Ek sal liewer op my maag lê, en rivierwater drink, en soutbeskuitjies eet, die waarheid preek, as om gebraaide hoender drie keer 'n dag te hê, en moet toegee

op God se Woord. Vertel die waarheid, want jy moet daarvoor antwoord op die Oordeelsdag.

102 Sekerlik, daar's onsekerheid, onsekerheid. O, ons vind... Dan sê jy: "Broer Branham, jy plaas ons in 'n netelige posisie hierbuite." Dis reg, sodat julle sal weet waar julle is.

103 Julle sê: "Broer Branham, is daar dan enigiets wat 'n seker klank het?" Ja, meneer. Daar is een Ding wat 'n perfekte, seker klank het. Wat is Dit? Dis die Woord van God. Dis 'n seker Klank, Dis volmaak, Dis 'n Ewige Klank.

"Is jy seker daarvan?"

Jesus Christus het gesê in Matthéüs, 24ste hoofstuk, die 35ste vers: Hy het gesê: "Hemel en aarde sal verbygaan, maar My Woord sal nie verbygaan nie."

My hoop is gebou op niks minder
As Jesus se Bloed met geregtigheid;
Wanneer alles om my siel meegee,
Dan is Hy my hele hoop en vastigheid.

Want op Christus, daardie vaste Rots, staan ek;
Al die ander grond is dryfsand,
Al die ander grond is dryfsand.

104 Nou, die Woord van God, Sy beloftes, hulle is waar. Nou, daar's net een ding om enigiets mee te benader. Soos Israel, Israel was 'n volmaakte tipe van hierdie volk. Israel was 'n Godsvresende volk wat in slawerny was onder 'n...onder die Egiptenare. En hulle het daardie land van slawerny verlaat, 'n pelgrimstog onderneem. Luister nou, julle moenie hierdie mis nie. Mag God jou begrip oopmaak. Hulle het hulle land van *pelgrimstog* verlaat, en na hulle beloofde land toe gekom, en die bewoners verdryf, en die land bewoon. Is dit reg?

105 Ons het dieselfde ding gedoen. Ons was onder Katolisisme, en slawerny van...en ons wou 'n Godsvresende volk wees wat God liefhet, en vryheid van godsdiens het, en ons het na hierdie volk toe gekom, die bewoners verdryf, en die land in besit geneem.

106 Solank as...Toe Israel begin het, het hulle Godsvresende leiers gehad, Dawid, Salomo, hulle het 'n respek gebring. Wel, Israel was bekend regoor die wêreld, aan al die nasies, en almal van hulle het hulle gerespekteer. Dit het gewys wat God kon doen met 'n klomp mans en vroue wat Hom vrees, en goddelik voor Hom lewe.

107 Soos ek 'n paar aande gelede gepreek het, het selfs die koningin van die suide al die pad oor die Sahara Woestyn gekom, drie maande op 'n kameel, om die wysheid van Salomo te hoor. Die hele wêreld het na hulle gekyk.

108 En toe hierdie volk gestig is, het ons goddelike manne gehad wat dit gestig het, George Washington, Abraham Lincoln. Valley Forge, toe, heelnag lank gebid het, daardie leier, en koeëls het

deur sy jas gegaan die volgende dag, sonder om te mis-. . . sonder om hom te tref! Abraham Lincoln, 'n Godsvresende man!

109 Wat het ons 'n paar dae gelede gedoen? Ons het dieselfde ding gedoen wat Israel gedoen het, het Agab in die—in die Wit Huis verkies. Nou, Agab was 'n baie goeie soort kêrel. Hy wou bekeer, maar Isébel, hy was met haar getroud, en hy kon dit nie doen nie, sy was die nek wat die kop gedraai het. En ons het dieselfde ding gedoen, 'n man daarbo geplaas wat getroud is met daardie Isébel-stelsel waarvan ons weggehardloop het, en 'n vrye nasie geword het. O, julle politici, dit het julle geboorteregte van Christendom verkoop! Ek sal daarmee ophou. Kom ons gaan terug. God het dit belowe en God het gesê dit sou gebeur, Openbaring 13, so daar's geen manier om daarby verby te kom nie, ek wil net hê julle moet weet waar julle staan, wat julle gedoen het.

110 En party van my kosbare gekleurde mense wat so 'n kaartjie soos daardie ingestem het, wel, julle het skande gebring vir die bloed van Abraham Lincoln wat die slawegordel van julle vaders afgehaal het! Presies reg. Ek sou nie gedink het julle sou dit doen nie. Goeiste, weet julle nie wat julle gedoen het nie? Waarom het julle uitverkoop vir 'n—'n paar ekstra dollars, die god van die maag in plaas van die God van die hart? Dis waarnatoe die nasies gegaan het, is 'n paar ekstra dollars.

111 Dis wat die probleem is met Agab. Maar, broer, hulle het een ou profeet daaronder gehad wat hy nie saam met hulle toegegee het nie, hy het hulle uitgeskel. Elkeen van die organisasies het hom uitgeskop, hulle het hom gehaat, maar hy het hulle beslis vertel wat reg was. En toe hy klaar was om daardie ou gegrimeerde Isébel uit te skel, oor daardie vroue, die manier wat hulle opgetree het, het hulle almal hom gehaat. Maar eendag het God gesê: "Jy het lank genoeg gepreek, gaan daar uit in die woestyn, Ek gaan nou oordeel stuur." En dit het, Hy het.

112 O, in die uur waarin ons lewe, vriende, maar daar's een Ding seker, een Ding seker, wanneer ons ons volk sien vergaan, ons die wêreld sien vergaan, is daar een Ding wat seker is vir Ewig, en dis God se Woord, Wat God gesê het, God sal sy Woord hou.

Laat ons net 'n paar karakters neem wat ek hier op 'n stuk papier geskryf het, waarna ek graag verwys, 'n paar karakters wat seker was.

113 En jy kan seker wees. . . Jy kan nie seker wees van God se Woord as jy Dit net lees nie, God moet deur die Woord met jou praat.

114 Nou, Noag, Noag was net so seker dit sou reën as wat dit kon wees, hy was seker daarvan. Daar was geen onseker klank toe God gesê het: "Noag, bou 'n huis, uh, ark om voor te berei vir die redding van jou huisgesin." Dit was geen onseker klank nie. Dit het gelyk asof dit onseker was vir die mense toe een of ander wilde man, boer, een of ander lawwe idee in sy kop gekry het dat

hy 'n ark sou bou, en dit nog nooit gereën, of dou nog nooit uit die hemel geval het, of enigiets nie.

Ek kan die kritici hoor sê: "Sê, Mnr. Noag, sê my, waar kom die reën vandaan?"

Wel, Noag mag iets soos hierdie gesê het: "Ek is seker Dit was die Stem van Almagtige God."

"Wel, hoe kom die reën?"

115 "As dit God se Stem was wat gesê het dit kom, is God in staat om dit daarbo te sit om te val." Hy was seker dit sou reën, want God se Woord het so gesê, dit was seker, en hy het geweet dit was seker.

116 Soos ek begin praat het vanmôre toe ek onderbreek is omdat ek moes gaan, Moses, hy was 'n groot militêre man, word vir ons deur historici vertel, en hy het self probeer, in die wete dat hy geroep is tot die bediening. Nou, broers, hierdie is 'n les vir ons almal. Hy het geweet hy het 'n roeping in die bediening gehad; ons weet dit self, maar kom ons kyk wat ons daarmee doen.

117 Moses het geweet, sy moeder het hom geleer, dat hy die verlosser moes wees. Hy is as 'n bevoegde kind gebore, en hoe hy gevoed is deur sy moeder, en reg onder Farao se drumpel grootgemaak, en het regtig sy voet op die troon gehad. Hy het geweet dat hy God se verlosser sou wees, maar hy het dit met sy eie stelsel probeer doen.

118 En ons weet ons is predikers, dat God ons geroep het, maar laat ons dit nie probeer doen deur te sien hoeveel ons in ons organisasies kry nie, as ons dit doen, gaan ons dieselfde fout maak wat hulle gemaak het. Laat ons die Gees volg, kom ons gaan saam met God.

119 Moses het, miskien, nooit die Stem van God gehoor nie, maar hy het geweet deur die intellektuele, hy het geweet deur 'n gevoel in hom, dat hy die verlosser was, maar hy het dit probeer doen en misluk, so hy het gesê: "Miskien het ek 'n fout gemaak."

120 Daar mag predikers hierbuite wees wat in net so 'n posisie is, wat gedink het julle het 'n fout gemaak, toe julle julle mislukking gehad het, het julle net nooit lank genoeg gewag nie. Die Bybel het gesê: "Hulle wat op die Here wag, sal hulle krag hernu, sweef met vlerke soos 'n arend."

121 Moses het gedink dat hy miskien sy roeping gemis het, maar eendag toe God met hom gepraat het van aangesig tot aangesig, en hy die Woord van God gehoor het, my Engel het met hom gepraat, en dit stem saam met die Woord, toe hy gesien het dat die Stem wat met hom gepraat het, dieselfde ding was wat die Woord belowe het, toe het hy geloof gehad, en hy was seker dat hy soontoe sou gaan. Hy was seker Israel sou uitkom onder die slawerny, want God het die belofte gemaak, dit was 'n Skriftuurlike belofte. En die Stem het met Moses gepraat, en

gesê: "Ek het die krete van my volk gehoor, en Ek het gedink aan my verbond met Abraham, Isak, en Jakob, en Ek stuur jou soontoe om hulle te verlos."

122 Julle weet wanneer 'n man regtig God se Woord volg, tree hy partymaal dwaas op teenoor die wêreld. Kan julle julle 'n ou man voorstel wat aan 'n ark bou, wat daar staan en 'n ark bou? Dit was dwaas vir die wêreld.

123 En soos ek gesê het, 'n ou man nou, hier, tagtig jaar oud, gelyk as God hom sou gebruik het, Hy hom sou gebruik het toe hy 'n klein, krul-kop seuntjie was, of toe hy net op sy beste was in sy geleerdheid. Veertig jaar geneem om dit uit hom uit te slaan, sodat Hy hom kon gebruik, veertig jaar geneem om uit hom uit te haal wat Farao, en sy geleerdheid, in hom gesit het.

124 Drie jaar geneem vir God om dit uit Paulus uit te neem, onder in Arabië, om hom terug te kry by God, hom terug te kry by die Woord, van alles . . . uit al die groot, so goed as wat dit was, die teologie wat hy deur Gamaliël geleer het.

En so goed as wat sy teologie was, wat hy, Moses, van Farao geleer het, tog, het God veertig jaar geneem om dit alles uit hom uit te kry.

125 Een oggend toe God met hom gepraat het, het hy die volgende oggend 'n wilde man geword vir die mense. Laat God met enigiemand praat, en in die oë van die wêreld word hulle mal. En ek bedoel nie 'n—'n fanatikus nie, ek bedoel 'n verstandige man of vrou wat na God toe kom, Hy haal die fanatisme uit jou uit.

126 Nou, ons vind uit dat Moses, die volgende oggend, hier was hy, met sy vrou wat op 'n muil sit, en sy seuntjie, Gersom, op haar heup, en 'n ou krom stok in sy hand, hier het hy afgegaan op die pad na Egipte om oor te neem. Soos ek gesê het 'n "een-man inval" wat afgaan om oor te neem.

"Waarheen gaan jy, Moses?"

"Gaan af na Egipte."

"Wat gaan jy doen?"

"Oorneem."

"Waarmee gaan jy dit doen?"

"Hierdie stok."

"Wie het so gesê?"

127 "God het." Amen, dit handel dit af. Hy was net so seker daarvan as wat hy kon wees, met daardie ou droë stok. Maar hierdie ou droë stok in die hande van God, beteken meer as elke masjiengeweer wat na jou toe gedraai kan word. Ja. Een klein, onkundige, ongeletterde seuntjie daarbuite in die hande van God, met nie genoeg geleerdheid om sy ABC's te ken nie, kon meer krag van God uit die Hemel bring, as al die doktore in

teologie wat daar in hierdie Verenigde State is. . .?. . .[Leë kol op band—Red.]

128 . . .al sy teologie vergeet. Hy het nie nodig gehad om blink te vryf nie. [Leë kol op band—Red.]. . .God. En hy was seker dit was God. Hy was seker dat hy hulle sou verlos. Hoe gaan hy twee-en-'n-halfmiljoen mense voed sonder 'n happie om te eet? 'n Klomp slawe daarbuite in die woestyn, hoe gaan hy dit doen? Hy was seker God sou iets daaromtrent doen.

129 "Broer Branham, wanneer jy Goddelike genesing preek, is daar mense in hartprobleme, hierdie. . .Hoe gaan jy—hoe gaan jy dit laat werk?" Ek nie. . .dit is nie my besigheid om dit te laat werk nie, dis God se besigheid om dit te doen. Maar net so seker as wat ek weet Sy Woord is waar, het Hy daardie Engel gestuur en so gesê, en iewers hierbinne, gaan iemand genees word, ek's net so seker daarvan as wat ek hier staan. [Leë kol op band—Red.] Iets gaan gebeur, omdat Hy so gesê het. Ek weet nie wie dit is, waar dit is nie, maar dit sal daar wees. Wie is dit? Ek weet nie, dis nie my besigheid wie dit is nie.

Iemand sal gered word. "Hoe weet jy?" God het so gesê, ek's seker daarvan, ek's seker daarvan.

"Wel, Broer Branham, jy het 'n vreeslike stryd gehad, ek het gedink jy het gesê die Here het jou hiernatoe gelei." Hy het.

130 "Watter goed dink jy sal daaruit kom?" Ek weet nie, maar ek is seker Hy het my hiernatoe gestuur, ek is seker dat Hy iets doen, ek weet nie wat dit is nie, maar ek is seker Hy doen dit, want dis Sy Woord. Geen raaiwerk nie, ek weet dis waar.

131 Toe Abraham, 'n man van vyf-en-sewentig jaar oud, en sy vrou vyf-en-sestig, God hom eendag ontmoet, en gesê het: "Abraham, Ek gaan vir jou 'n—'n baba gee by jou vrou, Sara," was sy onvrugbaar, en hy steriel, veronderstel ek, en hier was hulle, na al hierdie jare, wel, as God. . .Wel, Abraham was net so seker hy sou daardie baba kry as enigiets.

132 Ek kan my voorstel dat hy sê: "Sara, brei 'n klomp klein sokkies, en kry vir jou 'n bietjie voëltjie-oog materiaal en 'n paar doekspelde, en laat ons begin, Ons maak gereed, ons gaan dit kry." Wel, dit klink dom.

Wat as hy afgegaan het na die dokter, en gesê het: "Dokter, ek en my vrou is, wil reëlings tref by die hospitaal om 'n baba te kry"?

133 Die dokter sou sê: "O, o, sekerlik, Mnr. Abram. Ja, meneer. Uh-huh." Sê: "Sê, sal jy draai. . .sal jy 'n sielkundige bel, of die psigopatiese saal, iewers? Daardie ou man het van sy kop af geraak." Maar hy was seker God sou dit doen.

Die eerste agt-en-twintig dae: "Hoe voel jy, skat?"

"Daar's geen verskil nie."

"Prys God, ek's net so seker as wat ek eers was!"

Vyf jaar het verbygegaan: "Hoe voel jy, skat?"

"Glad nie enige verskil nie. Ek's nou sewentig jaar oud."

Ja, en Abraham is tagtig, dit doen. . . "Ek's net so seker as enigiets dit gaan gebeur."

Vyf-en-twintig jaar het verbygegaan, nou is sy negentig en hy 'n honderd: "Hoe voel jy, skat?"

"Nie anders nie."

134 "Prys God, ons gaan dit in elk geval kry." Hoekom? Hy was seker God hou Sy Woord. Hy was ten volle oortuig dat God in staat was om dit te doen wat Hy belowe het. Sekerlik, jy's seker wanneer God dit aan jou openbaar.

135 As God sou openbaar aan daardie dogtertjie wat daar sit, sy sou loop, wed ek dat die duiwel elke demoon wat hy het, uit die hel kon stuur, dit sou dit nie stop nie. Daardie man wat daar sit in 'n rolstoel, wie jy ook al is, dit sou jou nie stop nie. Nee, daar is niks wat jou kan stop wanneer God so gesê het nie, dit het dit afgehandel.

136 Daar in Finland, toe daardie seuntjie daar op die grond daar gelê het, dood:

137 Ek het dit gedokumenteer en geteken, dood verklaar, gegaan en die moeder en vader gekry, voor die ondernemer hom kon neem. Daar gelê, en ek het soontoe gekom, ek het gesê: "Dis daardie seuntjie wat ek twee jaar gelede in Amerika gesien het."

138 Daar het omtrent vyfhonderd mense gestaan, die burgemeester van die stad, ek het vir Mev. Isaacson gesê: "Tolk hierdie." Sy het. Ek het gesê: "As daardie babatjie nie opstaan uit daardie dood nie. . ." Daar dood gelê, elke been in sy liggaam gebreek, hom opgedraai soos *daardie*, en hom uitgegooi, selfs sy—sy voetjies en dinge was deur sy sokkies, en sy skoene van hom af, en alles. "As daardie baba nie op sy voete staan binne vyf minute van nou af nie, is Ek 'n vals profeet en 'n leuenaar, en jaag my weg uit hierdie land uit." Hoekom? Ek was seker dit was God wat my die visioen gewys het. Dit moet so wees, daar's niks wat dit kan stop nie. Amen.

139 Daardie aand in Indië, voor al daardie mense, toe die Rajas op hulle kussings, en die heilige manne wat oral rondgesit het, en ek was in die tempel van die Sikhs en Djaine daardie dag, en hulle het die Christendom bespot, Gesê: "Die einste idee," gesê: "van Christus wat sterf!" Wanneer hulle nie eens 'n vlooi wil doodmaak nie, die vloer vee soos hulle loop, om nie op 'n mier te trap nie, bang dat, hulle glo in reïnkarnasie, dink dit mag van hulle familie wees, hoe kan jy vir hulle 'n Bloedofferande preek?

140 Ek het gesê: "Laat God spreek, dis God. Party van ons moet verkeerd wees." Ek het die Koran in een hand opgetel, die Bybel

in die ander een, ek het gesê: "Iets is iewers verkeerd. Laat die God wat ware God is, spreek." Halleluja!

141 Omtrent daardie tyd het hulle 'n blinde man soontoe gebring, ek het gesê: "Ek kan nie die man genees nie, natuurlik nie." Ek het gesê: "Sy naam word gespel R-a-j-a-p-h-e-w," soos daardie.

"Dis reg."

Ek het gesê: "Hy's 'n bedelaar. Sy vrou is 'n klein, maer vroutjie. Hy het twee seuns, een van hulle is ses, en die ander een is agt."

"Korrek."

Daarbuite gestaan met daardie salwing, daardie Rajas wat daarbuite sit, en daardie heilige manne het gesê: "Hy lees hulle gedagtes."

142 Ek het gedink: "O, daardie skynheiliges!" Toe het ek teruggekyk, en ek het gedink: "God, as U net iets sal doen!" Ek het teruggekyk, hier's 'n visioen, daar het hy gestaan en rondkyk, in die visioen. O, broer! Nou! Nou laat iets gebeur! Ek het gesê: "Ek daag elke Mohammedaanse priester hierbinne uit, elke priester van Boeddha, julle Sikhs, en Djaine wat die Christendom bespot het, kom hiernatoe, en gee hom sy sig. Sekerlik die God wat hom geskape het, as jy . . . "

Hy het gesê: "Ek sal die God dien wat vir my my sig gee."

143 Ek het gesê: "O, natuurlik, sê julle hy's verkeerd, hy's 'n sonaanbidder, sekerlik, hy aanbid die skepping in plaas van die Skepper." Ek het gesê: "Julle sou . . . Wat sou julle Djaine doen? Julle sou net bekeer, en 'n Djain van hom maak. Wat sou julle Mohammedane doen? Dieselfde ding doen. Wat sou julle Boeddhas doen? Dieselfde ding; net 'n sielkunde.

144 "Ons het dieselfde ding in Amerika." Ek het gesê: "Al die Metodiste wil van al die Baptiste, Metodiste maak, en die Pinkster wil van al die Metodiste, Pinkster maak, en dis net— dis net sielkunde. Dis al." Maar ek het gesê: "Sekerlik, die God wat hom gemaak het," halleluja: "die God wat hom gemaak het, behoort iets daaraan te doen."

145 Wel, dink julle ek sou dit sê? Op geen manier, as ek nie daardie visioen gesien het nie. Ek het geweet waar . . . wat toe sou gebeur. Die duiwel kon toe niks daaraan doen nie.

146 As Hy 'n visioen sou wys dat George Washington sou opstaan uit die dood in die oggend, sou ek die hele wêreld uitnooi om te staan, kyk hoe dit gedoen word, want Dis die Woord van God. Ek het daardie visioene gesien vir twee-en-vyftig jaar, en nie een het ooit gefaal in my hele lewe nie. Dis God! Geen onsekerheid daaroor nie, dis seker.

147 Ek het gesê: "Nou, julle Mohammedane wat sê julle is die dominante godsdiens, kom gee vir hom sy sig, en ek sal julle

dissipel wees. Julle Boeddhas, kom gee julle vir hom sy sig, en ek sal julle dissipel wees. Julle heilige manne, kom gee vir hom sy sig." Tienduisende maal duisende, wat in daardie groot velde lê soos daardie. Daar het die burgemeester van die stad gesit, sy naam en adres gekry, as julle vir hom wil skryf, vra hom.

148 Daar het hulle gesê . . . Ek het gesê: "Waarom nie . . . ?" Ek het gesê: "Julle is 'n baie stil skare. Wat makeer julle? Julle het my vandag vertel hoe klein Christendom is, hoe groot julle godsdiens is." Ek het gesê: "Kyk na julle mense daarbuite, kyk na julle priesters. Wat makeer hulle? Hulle het my 'n fanatikus genoem, 'n Amerikaanse seepkis-verkoopsman, wat godsdiens verkoop het asof ek op 'n seepkis was, omdat ek my arms geskud het toe die Heilige Gees op my was." Ek het gesê: "Laat hulle dan uitkom, en vir hierdie man sy sig gee." Halleluja!

149 Terwyl ek daardie visioen dopgehou het, het ek gesê: "Waarom kom julle nie? Want julle kan nie. En ek kan ook nie, maar die God van die Hemel, Wat sy Seun, Christus Jesus, opgewek het, wat die visioen net nou vir my gegee het, dat ek gesien het dat daardie man hier gestaan het met sy sig, ek het hom in 'n visioen gesien, as Hy hom nie sy sig gee nie, dan is ek 'n vals profeet, en jaag my weg uit Indië. As Hy wel sy sig gee, hoeveel van julle Mohammedane, Boeddhiste, en almal van julle, sal Christus as julle Verlosser ontvang?" Net swart hande so ver as wat jy kon sien.

150 Gesê: "Bring hom hier." My arms op hom gesit, ek het gesê: "Here Jesus," ek het dit skaars gesê, het hy *iets* soos *dit* begin skree: hy kon net so goed sien as wat ek kon. Gehardloop en die burgemeester van die stad gegryp, op-en-af gehardloop soos *daardie*. Wat was dit? Dis dieselfde God. God se Woord is net so werklik vanaand as wat Dit ooit was. Hy het selfs vir die president getuig.

151 Hierdie komende Oktober, het hulle 'n amfiteater wat 'n miljoen mense daarin kan huisves, in Nieu-Delhi, waar hulle hulle konvensie hou, en wil opkom.

152 Sekerlik, Hy's steeds God. Maar jy het . . . Jy kan dit net nie sê omdat jy dit in jou gedagtes dink nie, jy moet dit weet, jy moet weet. Die Woord moet na jou toe kom, moet weet dat Dit waar is.

153 Ou Elía daardie dag toe hy al daardie offerhande geneem, en gesê het: "Laat ons bewys wie God is." Gesê, kyk of hy seker was daarvan, hy het gesê: "Gaan julle—julle eers voort." Gesê: "Julle—julle, daar's 'n hele klomp van julle, daar's vierhonderd van julle priesters hier," gesê: "maak julle 'n offer, en laat die God wat met Vuur antwoord, laat Hy God wees."

154 En hulle was opreg, hulle was nie skynheiliges nie. Gesê, hulle het die offer gesny, en hulle het op die altaar geklim, Elía het rondgeloop, gesê: "Sê, miskien agtervolg hy. Hy kan dalk 'n

middagslapie neem." Wat was die probleem? Hy was seker, broer, hy het 'n visioen gesien, hy het so gesê.

155 En toe hy geneem en al die water op die altaar gegooi het, het hy gesê: "Here God van Abraham, Isak, en van Israel," sy prinsnaam, nie—nie sy bedrieër se naam nie, "Abraham, Isak, en van Israel, laat dit vandag bekend word dat U God is, en ek U profeet is, en ek dit alles gedoen het op U bevel." Amen. Halleluja! Wanneer jy God se voorwaardes nakom, roep vir die Vuur, en dit sal val. Dis reg.

156 Laat die Pinksterkerk hulle organisasie se denominasionele verskil vergeet, laat hierdie mense hulself in trane laat uitbars om die altaar, en laat hierdie mense in eendragtigheid kom, op een plek, en begin uitroep na God, en dinge regmaak, daar sal nog 'n Pinkster plaasvind, en die kragte van God sal die nasie ruk.

157 Maar jy moet dit doen op Sy bevel. Jy kan dit nie doen solank as wat jy sê: "Wel, ek weet ek—ek is veronderstel om *dit* te glo, maar regtig, die Bybel sê *dit*, maar ek . . . " Ag, uh-uh. Sy's . . . Jy is klaar—jy is klaar verslaan van die begin af. Sien? Sien? "Wel, ek weet ons kerk sê die dae van wonderwerke is verby, maar eintlik, glo ek hulle is nie." Sien? Jy is verslaan, so sal jy nooit êrens kom nie. Dis 'n onseker klank, jy weet nie wat om te doen nie.

158 Wees seker. Wie se woord is seker? God s'n. As jou kerk sê die dae van wonderwerke is verby, die Bybel het gesê: "Hy's dieselfde gister, vandag, en tot in ewigheid. Laat elke mens se woord 'n leuen wees, en Myne waar wees," het God gesê.

159 Daardie klank is onseker: "Skud hand met die prediker, gee hom die regterhand van gemeenskap, en kom en maak 'n belydenis." Die duiwel het dieselfde ding gedoen, hy het geglo dat Jesus Christus die Seun van God was, hy het dit absoluut gedoen.

160 Kain het 'n altaar gebou, en net soveel aanbid as wat enige ander godsdienstige persoon het, het 'n offerhande gemaak, en het 'n groot . . . sy geld op die altaar gesit, sy goed, en—en opreg neergelê, en sy hande opgegooi na God en aanbid. God het hom botweg geweier. Dis reg. Julle moet seker wees, broers, julle moet weet dis God wat praat. Hy het dit gedoen met sy eie idees, Abel het dit gedoen deur Goddelike openbaring van God, geluister na die Woord van God. Maar toe alles reg geword het . . .

161 Dawid, hy was seker. Het eendag soontoe geloop, en daardie ou groot Goliat wat daarbuite gestaan het, wat gesê het: "Dae van wonderwerke is verby, dis alles verby. Laat party van julle . . . " O, wanneer die duiwel dink hy het die oorhand op jou, broer, kan hy blaas en blaas. Ja, hy kan. Daarbuite gestaan, gesê: "Ek sal jou sê, laat party van julle manne daar oorkant, party van julle teoloë, kom en my aanval. Sien, ek sal jou sê wat ek sal doen!" julle weet.

162 Maar eendag, het hy dit op die verkeerde tyd gesê, daar was toevallig 'n klein, rooierige kêreltjie, dwergie, ou klein kêreltjie, skaapveljassie aan, toegedraai daar, miskien omtrent, omtrent 'n honderd-en-tien pond geweeg, hare wat afhang in sy oë, gesê: "Wie is hierdie daar oorkant, wat die leërs van—van die Woord van die lewende God uitdaag? Wie is daardie daar oorkant wat dit sê?"

"O, dis Goliat."

163 Hy het gesê: "Gaan julle staan en daardie onbesnede denominasie laat sê dat die dae van wonderwerke verby is, wanneer ons God gesê het Hy is dieselfde gister, vandag, en tot in ewigheid?" O, dit het die verkeerde kêrel getref. Ja, meneer. Hulle mag toegee, maar hy het gesê: "Ek doen nie."

164 Hulle het hom opgetrek voor die biskop, Saul, hy het gesê: "Nou, ek sê jou wat jy moet doen, seun, voor jy in die bediening kom, sal jy vier jaar kollege-opleiding moet kry, sal jy 'n Ph.D. en 'n LL.D. moet kry." En hy het gesê: "Nadat ek dit alles op jou gekry het. . . " En hulle het dit op daardie arme, kêreltjie gesit, hy was benerig, hy kon dit nie regop hou nie; dis net omtrent hoe ons maak.

165 Hy het gesê: "Haal hierdie goed van my af!" Saul het uitgevind, sommer gou, dat sy kerkbaadjie nie 'n man van God gepas het nie. Sy mensgemaakte dogmas, hy het nie daarvoor gebuig nie. Nee, meneer. Hy het gesê: "Laat my gaan met dit waarin ek vertroue het."

166 Gesê: "Wag 'n oomblik, Saul, ek wil met jou praat. Ek weet hierdie is net 'n slingervel, ek weet niks van daardie ou. . . hoe jy veronderstel is om te staan, en te sê: '*A-men,*' en hoe jy veronderstel is om *dit* alles te doen nie, en ek weet niks daarvan nie." Gesê—gesê "Luister, ek weet waarvan—waarvan ek praat."

167 Gesê: "Eendag het ek my vader se skape opgepas," amen, en gesê: "'n beer het ingekom en een gevang, ek het agter hom aangegaan met hierdie slingervel, en ek het hom teruggebring." Hy het gesê: "Toe het 'n leeu ingekom en een gevang, en dit weggeneem, 'n lam." Gesê: "Ek het hierdie slingervel geneem, en uitgegaan en hom platgeslaan, toe hy opgestaan het, het ek hom doodgemaak, ek het die skape teruggebring." Gesê: "As die God Wat daardie leeu in my hande oorgegee het, en daardie beer in my hande, hoeveel te meer sal Hy daardie onbesnede Filistyn in my hande gee!" Amen. Hy was seker hy het geweet waarvan hy praat.

168 Luister, dis waar, ek sê my *his*, [Eng. "is."—Vert.] en *hain't* [Eng. "is nie."—Vert.], en *tote* [Eng. "dra."—Vert.], en *fetch* [Eng. "haal."—Vert.], en *carry*, [Eng. "dra."—Vert.], en miskien baie manne hier, en julle pastoor, mag dalk nie enige Ph., dubbel L., Q.U.R.S.D., allerhande goed op sy naam hê nie, maar ons weet waarvan ons praat. Reg. Ons mag *holy-rollers* genoem word, en 'n

*kranksinnige*, en *baie opgewerk*, en alles, maar ons weet waarvan ons praat. Amen.

169 Laat ek vir julle sê, die duiwel, ek gee nie om hoeveel hulle preek teen Goddelike genesing, hoeveel hulle sê die dae van wonderwerke is verby nie, ek pas my Vader se skape op, 'n kanker het een gevang en weggehardloop, ek het geen Ph.D. nie, maar ek het 'n g-e-l-o-o-f, so ek het agter hom aangekom. ek sal daardie lam terugbring as God my sal help, ek sal haar terugstuur. Halleluja!

170 Kyk wat hy gedoen het, hy het vyf klippies opgetel, die getal van genade, J-e-s-u-s, het dit in sy hand gesit, g-e-l-o-o-f [Eng. "f-a-i-t-h."—Vert.], g-e-l-o-o-f in J-e-s-u-s, hier kom hy. O, klein, siek skapie, julle vir wie die duiwel iewers weggedra het, en sê julle moet 'n voortydige graf vul, ek kom agter jou aan! Ek gaan jou terugbring na die skaduryke, groen weivelde, stil water, om saam met die res van die kudde te vreet.

171 O, ja, hy het geweet waarvan hy gepraat het, hy was seker dit was God, hy was seker. Geen onsekerheid daaroor nie. Gesê: "Hoeveel te meer sal God hom in my hande oorgee!"

172 O, mense, vergewe my, ek het gedink dit was sewe-dertig. Gee my nog tien minute, sal julle? Ek sal kyk, ek sal my horlosie op wekker stel, as dit nodig is, as julle net sal . . . Ek het in elk geval 'n alarm hier, maar ek is skaam om dit te stel. Maar, broer, suster, dit is waar. As die basuin 'n onseker klank gee . . .

173 Let op, wanneer . . . Laat ons net vinnig 'n ander persoon neem. Toe, Simeon, dit aan hom geopenbaar is deur die Heilige Gees dat hy nie die dood sou sien voordat hy die Here se Christus gesien het nie, hy was 'n man met 'n reputasie, hy het 'n Ph.D. gehad, dubbel L.D., Q.R.S.T., ook, maar die Heilige Gees het aan hom geopenbaar, en hy was nie skaam nie, hy het rondgegaan en almal vertel, 'n ou man ouer as tagtig.

Hulle het gespot, gesê: "Die ou kêrel met een voet in die graf, en gly met die ander een, gesê hy gaan die Christus sien!"

174 Maar hy het, hy was seker, hy het 'n reg gehad tot sy getuienis, hy het gesê want die Heilige Gees het dit aan hom geopenbaar. Amen. Hy het daar gestaan, en Hom ook gesien.

175 Toe Jesus op aarde was, was Jesus seker van die Vader se Woord, Hy het gesê: "Vernietig julle hierdie tempel, en Ek sal dit weer oprig binne drie dae." Nie: "Ek sal probeer, miskien sal dit, miskien sal dit werk," nie. Hy was seker. Hoekom? Dawid het so gesê: "Ek sal nie toelaat dat My Heilige verderwing sien nie, Ek sal ook nie Sy Siel in die hel los nie." Hy het geweet verderwing begin binne drie dae, iewers binne daardie drie dae sou Hy weer opstaan, Hy het die Vader se Woord geglo. "Vernietig hierdie tempel, en Ek sal dit weer oprig binne drie dae." "Ek sal," nie: "Ek sal probeer," nie.

176 Toe Martha na Hom toe gekom, en gesê—gesê het: "Ons—ons broer, Lasarus, Here, as U hier was, sou hy nie gesterf het nie. Maar selfs nou, wat U ook al vir God vra, God sal dit doen."

177 Hy het gesê: "Ek is die Opstanding, en Lewe, sê God. Hy wat in My glo, sal lewe, al het hy ook gesterwe. Wie ook al lewe en in My glo, sal nooit sterf nie. Glo jy dit?"

178 Sy het gesê: "Ja, Here." "Ag, ek—ek—ek dink so, Here. Ek—ek is redelik seker, maar hulle sê vir my dat U net 'n Beëlsebub is, hulle sê vir my U lees mense se gedagtes." Huh-uh, dit sou nie gebeur het nie. "Ja, Here, ek glo," (Prys God!) "Ek glo dat U die Seun van God is wat in die wêreld sou inkom." O, o, iets moet gebeur. Luister, daardie positiewe, daardie positiewe! Wanneer twee direkte uiterstes ontmoet, moet iets gebeur. O, ja. O, dit doen dit beslis. Gesê: "Ek glo dat U die Seun van God is wat in die wêreld sou inkom."

179 Wat het Jesus vir haar gesê? Wat het Hy gesê? "Wel, Ek sê jou wat, waar het julle hom begrawe? Ek sal soontoe gaan, en probeer kyk wat Ek daaraan kan doen." Uh-um. "Ek sal soontoe gaan en die Vader vra en kyk wat Hy sal doen." O, nee, uh-uh, Hy het nie dit gesê nie. Hy het gesê: "Ek sal gaan en hom wakker maak." Daar's niks onseker daaraan nie. "Ek sal hom gaan wakker maak." "Ek sal," nie: "Ek sal gaan probeer" nie, "Ek sal." Hy het presies geweet wat God Hom gewys het, en Hy het geweet dit sou gebeur. "Ek sal gaan en Hom wakker maak." Geen onseker klank daarin nie, nee, meneer, nie 'n bietjie onsekerheid daaroor nie.

180 O: "Vernietig hierdie liggaam, Ek sal dit oprig binne drie dae." Jesus het gesê: "As Ek. . . As julle in My is, en My Woord in julle, kan julle vra wat julle wil, en dit sal vir julle gedoen word."

"Dit—dit miskien sal dit vir julle gedoen word"?

Nee, nee, daar's geen onsekerheid daaroor nie. "Ek sal. Dit sal gedoen word. Dit sal gedoen word." Is dit reg?

181 Toe Hy na daardie vyeboom gekyk en dit vervloek het, en vier-en-twintig uur later het Hy verbygekom, en dit was verdroog, het Petrus gesê: "Kyk, die boom is alreeds aan die verdroog."

182 Jesus het gesê: "Hê geloof in God. Want voorwaar, voorwaar, Ek sê vir *julle*, as *julle*," nie Ek nie, maar *julle*, amen, broers: "as *julle* vir hierdie berg sê," nie: "as Ek sê," nie, maar: "as *julle* vir hierdie berg sê: 'Word beweeg, en opgehef en in die see gewerp word,' en sal nie twyfel nie, maar glo dat wat julle gesê het sal gebeur, sal julle kry waarvoor julle vra." Amen. Nie: "miskien sal julle," nie: "miskien sal julle," nie, maar: "julle sal."

183 Sondaar man, het hierdie donker prentjie hier geskilder aan die begin van my preek, omtrent die uur waarin ons staan, laat

ek vir jou 'n Woord aanhaal, dink daaraan, Johannes 5:24, vyf, handvol, twee dosyn eiers, lees dit wanneer jy huis toe gaan, "Hy wat My Woorde hoor, en glo in Hom wat My gestuur het. . . " As jou volk breek, as jou huis breek, as jou senuwees breek, as jou gesondheid breek, as julle hoop breek, alles breek, maar Jesus Christus het dit gesê: "Hy wat My Woorde hoor, en glo in Hom wat My gestuur het, het Ewige Lewe, en sal nie in die Oordeel kom nie, maar het oorgegaan uit die dood in die Lewe." Halleluja! Nie: "Hy mag" nie, "Hy sal, hy het," "Hy mag in die toekoms," maar: "Hy het nou." "Hy het oorgegaan uit die dood in die Lewe," en is lewendig, net nou.

184 *Whoo!* Ek wens dat ek twee keer my grootte was, miskien sou ek twee keer so goed voel; ek sou twee keer my grootte moes wees om dit te doen. O God, hoe kan ek U ooit bedank? Ja, meneer.

185 Positief! Deur die eeue heen het Sy nooit gevarieer nie. Daardie ou Kerkie wat dit geglo het, daardie Woord van God, het regdeur elke vervolging gegaan, hulle het probeer om Dit uit te roei, Dit uit te brand, Dit uit te vervolg, Dit dood te maak, Dit uit te verdrink, en Sy gaan voort.

186 'n Tyd gelede, gestaan in die Vryheidstandbeeld, 'n klompie mossies, wat, wat dood gelê het. Ek het gesê: "Wat makeer?"

187 Gesê: "Daar was 'n storm gisteraand, en daardie groot lig het uitgestraal, en daardie voëltjies was verdwaal. As hulle net geweet het om daardie lig te volg, kon hulle veiligheid bereik het." Maar gesê: "Wat het hulle probeer doen? Hulle het hiernatoe gevlieg, en die lig probeer uitdoof." Gesê: "Wat het hulle gedoen? Hulle het hulle breine stukkend geslaan om die lig te probeer uitdoof, die lig wat hulle kon help."

188 Julle koue, formele Pinksters; julle koue, formele Metodiste; julle koue, formele Baptiste; jou ongelowige, wat Christus uit die nasie probeer slaan, geleerdheid en wetenskap probeer plaas in die plek van die Heilige Gees, julle sal julle breine uitslaan, en die Lig sal steeds uitstraal aan, en aan, en aan, en aan. Hy sal 'n Kerk hê wat gevul is met die Heilige Gees waarvoor Hy sal kom, en Hy sal Daarin lewe en regeer. Jy sal Dit nooit uitslaan nie, jy slaan net jou brein stukkend, deur allerhande mensgemaakte boeke en dogmas te bestudeer, neem God se Woord en lees Dit, en sê Dis die waarheid, en aanvaar Dit. Sekerlik.

189 "Hy wat in My glo," Johannes 14:7: "Hy wat in My glo, die werke wat Ek doen, miskien sal hy dieselfde doen." Dit sou *so* onseker wees, sou dit nie? Maar: "hy sal dit doen, hy sal dieselfde werke doen wat Ek doen, en meer as hierdie, want Ek gaan na My Vader." Niks onseker daaraan nie, dis positief.

Julle sê: "Maar, Broer Branham, ek het—ek het by al die kerke aangesluit."

190 Op die Dag van Pinkster, soos ek gisteraand gesê het oor Doktor Simon Petrus, het Petrus gesê: "Bekeer elkeen van julle,

word gedoop in die Naam van Jesus Christus tot die vergewing van sondes, en julle *sal* die gawe van die Heilige Gees ontvang." Nie: "julle, miskien, sal julle, miskien, sal julle" nie, maar "julle sal die Gawe ontvang, die Heilige Gees. Want die belofte kom hierdie geslag toe, en dis al"? O, nee. "Kom julle toe, en julle kinders, en hulle wat daar ver is, selfs soveel as wat die Here onse God sal roep." Nie: "miskien" nie, maar "soveel as wat die Here God roep, julle sal die Heilige Gees ontvang."

191 Die probleem daarmee, julle wil handskud en besprinkel, in plaas van om te bekeer en gedoop te word. *Bekeer* beteken: "omdraai." Laat jou ongeloof agter, begin die pad volg deur God te glo, na Gólgota. Draai om, begin die pad volg, en julle sal die doop van die Heilige Gees ontvang, julle sal dit ontvang.

192 Is dit reg, broer? Ek het nie daardie Skrif verkeerd aangehaal nie, het ek? Ek plaas Dit net soos Dit geskryf is. "Julle sal die Heilige Gees ontvang." "Julle sal," nie "miskien, miskien sal jy, jy behoort te" nie, maar: "jy sal Dit ontvang. Wel, die belofte kom julle toe, en julle kinders, en hulle wat daar ver is, selfs soveel as wat die Here onse God sal roep." Dis seker.

193 Nou, moenie net naderstap, en sê: "'Ek glo dat Jesus Christus die Seun van God is,' oor my kop hou, en 'n soutpotjie, 'n paar druppels water op my gooi nie. Ek gaan terug, en sê: 'Ek's nou 'n volwaardige lidmaat, ek het die regterhand van gemeenskap ontvang.'" Jy sal nooit die Heilige Gees kry nie, jy het niks, 'n klomp verwarring. Dis reg.

194 Lek jou tong uit, vat 'n klein oblietjie wat 'n man gemaak het, en die priester drink die wyn, sê: "Ek het die nagmaal geneem, die heilige eucharistie," wat die *Heilige Gees* beteken: die Heilige Gees het nie gekom met 'n oblietjie nie, Dit het gekom soos 'n geluid uit die Hemel, soos van 'n magtige rukwind, wat die hele huis gevul het waar hulle gesit het. Reg. Sien? Dis onseker. Ek kan *daardie* nie in die Bybel lees nie. Maar wanneer ek Dit uit die Hemel hoor kom soos 'n magtige rukwind, is dit reg. Reg.

195 Jesus het gesê: "Wag daarbo, in Jerusalem nou. Julle moenie begin preek nie, julle moenie. . . Ek gee nie om hoeveel ondervinding julle het, en deur hoeveel kweekskole julle gegaan het, en hoe ver julle gegradueer is nie, wag julle daarbo *totdat*."

"Tot wat? Tot ons ons Baccalaureus Artium-graad kry?"

"Nee, meneer. Wag *totdat*."

"Twee dae?"

196 "*Totdat* julle toegerus is met krag van Omhoog. En dan, en nie voor dit nie, sal julle My getuies wees in Jerusalem, Judéa," en Bloomington, Illinois, enige plek, die uiterste dele van die aarde. Dis die Evangelie.

197 En so, het hulle gesê: "Nou, ons sal soontoe gaan en kyk of die biskop soontoe kom." Dis wat ons vandag doen. "O, ons

sal uitvind as die priester ons gee, uh, ons bevestig." Dit was 'n onseker klank, ek weet niks daarvan nie, ek is soos Dawid: "Haal daardie ou wapenrusting van my af."

198 "Wel, as jy skool toe sal gaan en leer," ek—ek weet ook niks daarvan nie, sien, ek weet niks daarvan nie. Die Bybel sê niks daarvan nie, ek het nog nooit enigiets daarvan in die Bybel gesien nie.

199 "Wel, luister nou, as julle met julle lippe sal bely dat Jesus die Christus is, en Hom aanvaar, het julle die Heilige Gees ontvang, want die oomblik wat julle glo dat Jesus die Christus is, het julle die Heilige Gees." Dis 'n onseker klank. Dis reg.

200 Paulus het gesê, nadat hy gesien het die mense is selfs gered, en geskree en op-en-af gespring het, het hy gesê: "Het julle die Heilige Gees ontvang sedert julle geglo het?" Handelinge 19:5. O, ja, hy het. En hy het gesê: "As 'n Engel uit die Hemel," wat nog van 'n prediker, "as 'n Engel uit die Hemel, enige ander Evangelie aan julle verkondig as hierdie wat ek alreeds verkondig het, laat hom 'n vervloeking wees." Daar's geen onseker klank daaraan nie, dis die Bybel, sekerlik.

201 En toe hulle almal daarbo in een plek was, en eendragtig, en skielik het daar gekom, nie 'n onseker geluid nie, nee, maar 'n seker geluid het gekom, en dit het die hele huis gevul waar hulle gesit het, verdeelde Tonge het op hulle gesit om Jesaja 28:19 se profesie te vervul, dat die Heilige Gees op hulle gesit het, en hulle het almal in tale begin praat soos die Gees hulle uiting gegee het.

202 Net 'n oomblik. Hebreërs 13:8 het gesê: "Jesus Christus is dieselfde gister, vandag, en tot in ewigheid." "Hy's gedeeltelik dieselfde gister, vandag, en tot in ewigheid"? Hy *is* dieselfde, geen onsekerheid daaroor nie.

203 Ter afsluiting mag ek dit sê, ek hou julle te lank, ek weet ek doen, maar o, julle arme vaakkoppe wat moet uitkom en... Wanneer hulle altyd heelnag lank gebid het en...Dis nou so moeilik. Moet asseblief nie dink ek maak julle seer nie, ek volg net wat Hy sê vir my vertel, want ek weet nie wat om te sê nie, ek het nie genoeg moed om dit te sê nie, maar ek het net genoeg moed om te sê wat Hy sê om te sê, en dan hang dit van julle af.

204 Kyk, hoeveel het al ooit van Paul Rader gehoor? Hy het hierdie beroemde lied geskryf, *Glo Net*. Paul was 'n wonderlike broer, ek het hom geken. Hy was altyd 'n man van die woude, hy het eers hout gekap.

205 En hy het gesê, eenkeer toe hy op sendingvelde was, het hy siek geword, ek glo hy het swartwaterkoors gehad, of iets. Hy en sy vrou was onder in die eilande, en hulle was ver weg van dokters en alles. En Paul, enigeen wat Paul geken het, het geweet hy was 'n gelowige in Goddelike genesing. So toe...

206 Ek sal preek daar by sy tabernakel oor twee weke. Terloops, ek gaan volgende preek, oor twee weke, in die voorstede van—van Bloomington, die voorstede, Chicago, sien, van Bloomington, so kom soontoe. Sien? En so toe . . . Onthou, moet dit egter nie vir die Chicago mense sê nie, ek weet nie of hulle dit sal aanvaar of nie, maar in elk geval, ek sal daar oorkant wees, as die Here wil.

207 En toe Paul Rader, hy het gesê hy het baie siek geword, aanhou sieker, sieker, sieker word. En dit het donker geword in die kamer. Hy het gesê: "Vrou, kom hier." Gesê: "Skat, ek mag nou gaan." Gesê: "Staan langs my bed, bid vir my."

208 Dit het donkerder en donkerder geword, hy het bly bely: "God, U is my Geneser." Donkerder, en donkerder, donkerder, donkerder, donkerder, donkerder, geraak. Naderhand het hy sy bewussyn verloor.

209 En hy het gedroom, hy het gesê hy het gedink hy was terug, hy het van Oregon af gekom, julle weet, hy het gesê hy het gedink hy was daaragter besig om hout te kap. En sy baas, was in die stompwoude, het gesê: "Paul, gaan op, en kap 'n sekere agtien-duim boom af," of veertien-duim boom, of so-iets: "bring dit af hiernatoe."

210 Gesê: "Goed." Gesê hy het teen die heuwel opgegaan, daardie wonderlike dennenaalde geruik, en net 'n wonderlike tyd gehad. Gesê hy het gevat . . . "Jy kon daardie ou dubbel-byt byl voel soos sy in daardie sagte hout ingesink het, jy weet." Hoe verder noord jy gaan, hoe kouer word dit, hoe sagter die hout, hoe warmer word dit, wel, hoe harder die hout, dieselfde materiaal.

211 So toe, gesê hy het die boom afgekap, dit sommer vinnig skoongekap. Gesê hy het sy byl daarin gesteek, gesê: "Goeiste," hy sou daardie boom optel, julle weet, Paul was 'n sterk man, het meer geweeg as, o, ver oor die tweehonderd pond. So, hy het sy hand uitgesteek, sy knieë teen mekaar gesit, en 'n man se spiere is in sy rug, en sy bene, ensovoorts, so afgebuk, en, sodat hy dit kon optel. En toe hy dit beetgekry het, het hy getrek, en hy het getrek, en hy het getrek, en hy kon dit net nie opkry nie.

212 Hy was vas, en hy het gesê: "Ek het my krag verloor, ek kan net nie daardie stomp opkry nie. Wel, ek het altyd twee keer hulle grootte gedra!" En hy het weer probeer, en hy het gestoei, en hy het gestoei, en hy het gestoei, totdat hy net uitgeput was. Sien, dit was daardie—daardie koors. Gesê hy het so uitgeput geraak, dat hy net teen 'n boom gaan sit, en gesê het: "Ek's, kan net nie verder gaan nie, ek's net gedaan, ek kan nie meer nie."

En gesê hy het dadelik Sy Stem gehoor, sy Baas, sy Baas se Stem: "Paul?"

En hy het gesê: "Ja, Baas?" Gesê: "*Dit klink baie liefdevol*."

Gesê: "Waarvoor baklei jy daarmee?"

So hy het omgedraai, Hy het gesê dit was nie sy baas nie, sy *regte* Baas.

213 Hy het gesê: "Paul, jy stoei net daarmee, en stoei daarmee, en stoei daarmee." Gesê: "Sien jy daardie stroom water wat net daar lê?"

Gesê: "Ja."

214 Gesê: "Daardie stroom water kom reguit af na die kamp toe." Gesê: "Hoekom gooi jy dit nie net in die rivier, spring daarop, en ry af na die kamp toe nie?"

215 "O," het hy gesê: "ek het nooit daaraan gedink nie." Gesê hy het dit net oorgestoot in die water, en daarop gespring. Gesê oor die rimpelings het hy gegaan, net 'n lekker tyd gehad om die water te spat, gesê: "Ek ry daarop! Ek ry daarop!" En toe hy bygekom het, het hy reg in die middel van die vloer gestaan, geskree, so hard as wat hy kon, absoluut genees, gesê: "Ek ry daarop! Ek ry daarop! Ek ry daarop!"

216 Bybel het gesê: "Jesus Christus is dieselfde gister, vandag, en tot in ewigheid." Ek ry daarop! "Die Heilige Gees is vir wie ook al wil." Ek ry daarop! Ek glo dat Jesus Christus lewendig is uit die dood. Ons lewe in die laaste dae, en Jesus het gesê: "Die werke wat Ek doen, sal hy ook doen wat in My glo," en het belowe in hierdie laaste dae, dat daardie Messiaanse teken sou terugkeer na die Kerk.

217 Teoloë, verskil as julle wil, en ek sal julle wys na SO SPREEK DIE HERE, aand na aand het ek dit gedoen. Wat daarvan? Ek ry Daarop, God se Woord. Amen. Hmm! Ek voel om te skree. Ek ry Daarop, God se Woord. Ek glo Dis vir wie ook al wil, laat hom kom. Sien?

218 Ek glo Hy's nou net hier. Ek glo dat ek nooit sal. . . Ek kan nie. . . Daardie Woorde, as jy van Hulle verskil, Hulle is van God. Ek ry daarop! Ek het vir een-en-dertig jaar Daarop gery, en solank as wat die Here my laat lewe, en my regte verstand behou, deur Sy genade, sal ek Daarop ry, totdat ek by die Jordaanrivier kom, ek sal haar ingooi, en Daarop ry die heelpad daaroor. Ek glo dis God se Ewige Woord, en hemel en aarde sal verbygaan, maar Sy Woord sal nie verbygaan nie. Amen. Ek ry Daarop.

219 Ek glo dis die Heilige Gees wat nou hierbinne is, ek glo dis die Jesus Christus. Ek glo dis dieselfde Een wat—wat aan hulle verskyn het daardie aand, soos die praat in tale vanaand gesê het, of, die uitleg, toe hulle afgesonder was, het Hy Homself lewendig gewys.

220 Daar's. . .? Ek nie. . . Billy het geen gebedskaartjies uitgegee nie, dink ek, een keer hierdie week, dink ek het hy gesê. Ek twyfel of daar enige hier is of nie, hulle hoef nie eens te wees nie. Ons het geen gebedskaartjie nodig nie, die gebedskaartjie is net 'n nommer om jou op die platvorm te kry. Jy hoef nie op die

platvorm te kom om Christus te vind nie, Hy's waar jy Hom sal ontmoet, net daarbuite, waar jy nou is. Ek daag julle uit om God se Woord te neem en eenkeer Daarop te ry, en uit te vind of Dit reg is. Glo Dit?

Hoeveel het nie gebedskaartjies nie? Steek julle hande op. Is jy siek? Wel, ek reken dis net oral.

221 Hemelse Vader, o, my kru manier, Here, ek—ek het nie 'n kans gekry om te praat, soos predikers praat in hierdie laaste dae, met God nie. Ek weet nie hoekom U my dit nie laat kry het nie, maar ek wens dat ek kon maak wat ek in my hart het, net om, dit op so 'n manier sou sê dat hulle dit sou verstaan. Asseblief, Here, laat my deur die genade van God in my hart, bewys aan hulle dat die ding wat ek hulle probeer vertel, in elk geval die waarheid is, Vader. Ek bid dat U dit nog een keer sal doen.

222 Ek—ek vra U om dit te doen, Here, dat die mense mag weet dat as U so gesê het, Dis die waarheid, God, Dit moet die waarheid wees, en Dis geen onseker klank nie. As U weer opgestaan het, het U gesê dat u Kerk vir U sou sien, U sou met hulle wees, en doen, die—die Kerk sou dieselfde ding doen wat U gedoen het, en U altyd met Hulle sou wees, selfs tot aan die einde van die wêreld. God, ek staan daarop, U het dit bewys, U het gesê U was, en ek weet U is hier vanaand.

223 Dan, God, vergewe my histeriese, emosionele, senuweeagtige geaardheid. En ek bid, Vader, dat U ons ons sondes en ons ongeloof sal vergewe, en dat U ons sal stilmaak onder die krag van die Heilige Gees. En mag mans en vroue, iemand hierbinne vanaand, Here, genoeg geloof hê om U af te roep uit die Heerlikheid. En mag hulle siekte en dinge op so 'n manier wees, of dit groot is, of of dit nie . . . U is God, U weet alle dinge.

224 U het 'n man genees met 'n, een of ander soort van 'n vertraagde siekte, en honderde verdraai, verlam, en blind daar laat sit, en toe het U gekom en die verdraaides, verlamdes, en blindes genees. U is net God, U doen wat U wil doen.

225 Ek's U dienskneg, Here, en hierdie is U diensknegte wat hier sit. Dat dit die kerk mag bemoedig, laat dit bekend word, vanaand, Here. Laat ons . . . Ons gaan die deure sluit van—van alle ongeloof en U in ons hart inneem, soos Kléopas, en hulle, wat van Emmáüs af gekom het.

226 U het met baie van hierdie mense gepraat, hierdie goeie Metodiste, Baptiste, Katolieke, Presbiteriane, Pinksters, miskien het hulle nie herken dat dit U was nie, dan, Vader, bid ek, vanaand, dat U iets sal doen net soos U daar gedoen het, net die dinge wat U gedoen het voor U gekruisig is, sodat hulle sal weet dat U die herrese Here is, dat U nie dood is nie, U hier is, U lewe.

227 Hulle het dit soveel gehoor, Here, dat dit net alledaags geword het vir hulle, maar ek bid, God, dat dit vanaand vars sal wees vir hulle, om hulle te laat weet dat hierdie lewende Jesus,

wat binnekort kom, hier in ons midde is. Sal U dit nie doen nie, Vader? Ek vra dit tot God se eer, en vir die stigting van U Kerk, in Jesus' Naam. Amen.

228 Kyk na my as Sy dienskneg, glo met julle hele hart, julle siek mense. Julle moenie een twyfel in julle gemoed hê nie, maar glo julle met julle hele hart, en kyk of Hy bly, of Jesus Christus lewe.

229 Ek hou plegtig my hande voor God, dat die enigste mense wat ek ken, wat ek kon identifiseer in hierdie gebou, en ek nie vir hulle sou sê nie, my vriend hier, Broer Gene Goad, en Broer Skaggs van Chicago is, werk by die Winchester Maatskappy, hy's 'n. . . het 'n sportplek, persoonlike vriende van my.

230 Ek's nie seker of hierdie twee vroutjies, of drie, wat hierbuite sit, vriende van my van Chicago is nie. Hierdie twee dogtertjies wat hier sit, 'n klein rooi-kop, 'n klein swart-kop, as, ek is nie seker nie, dis Broer Welch Evans se dogters. Is dit reg?

231 Buiten dit, ja, hier's een van die Christen Sakemanne van Chicago, ek kan nie aan jou naam dink nie, jou seun is die sekretaris, net hier, ek kan nie jou naam noem nie. Ja, julle twee saam daar. Dis. . . Ek het net opgelet julle sit daar.

232 Preek, met hierdie salwing. . . Nou, dis—dis hier, ek het dit gevoel. Ek weet dit verblind jou net amper, julle sien, tot jy nie jouself is nie. Behalwe dit ken ek niemand, geen persone nie.

233 Hê julle geloof in God, glo julle, sê: "Here, Jesus, ek weet die Bybel sê dat U 'n Hoëpriester is wat aangeraak kon word deur die gevoel van ons swakhede, en ek weet dat U steeds daardie Hoëpriester is."

234 Sê julle: "Amen"? Dan as Hy dieselfde is gister, vandag, en tot in ewigheid is, glo julle dit? Is jy gewillig om jou siel daarop te laat ry van hier af tot by die Ewigheid, dat Hy dieselfde is gister, vandag, en tot in ewigheid? As Hy dan dieselfde is, hoe sou Hy optree? Dieselfde as wat Hy toe het. Is dit reg?

235 Sê die Bybel dat Jesus die Woord van God is? Glo ons dit? En die Bybel het gesê dat die Woord van God 'n Onderskeier is van die gedagtes van die hart. Is dit reg? Bid julle dan. Is dit nie 'n uitdaging nie?

236 Nou aan julle wat in vertwyfeling is: As julle hier na hierdie mikrofoon toe wil kom, julle kritici, en julle hierdie mikrofoon wil neem, en dieselfde dinge doen, is dit julle s'n. Kom neem my plek in. En as jy nie kan nie, bly dan vir altyd stil. Biskop, dekaan, dokter, wie jy ook al is, kom doen dit. Glo dan aan Jesus Christus.

Bid, julle Christene.

237 Jy sê: "Jy bang, Broer Branham?" Ek is doodseker. Ek is seker dat daardie Engel wat daardie aand met my gepraat het, vir my die Woord van God vertel het. Ek's nie bang nie, Hy sal dit doen, Hy het dit belowe.

238 Nou, ek kan jou nie genees nie. Enigiemand wat dit dink, jy's—jy's—jy's—jy's nie eens. . . Jy—jy dink-. . . Jy dit in jou kop kry, sal jy—jy nooit geroep word nie. Kry jy in jou kop dat Jesus Christus dit alreeds vir jou gedoen het, hê dan geloof.

Ek wag net, ek—ek kan nie, as Hy my nie sê nie, kan ek nie 'n ding sê nie.

239 Broer, sal jy op daardie klavier, *Glo Net*, net 'n oomblik vir 'n lied. Ek het so hard gepreek. Net saggies, net "Glo net, glo net," saggies nou.

240 Laat ons ons voorstel Hy kom afgestap. Sê: "Here, ek is baie siek, sal U my genadig wees?"

"Ek kan as julle glo, want alle dinge is moontlik vir hulle wat glo."

241 "Ek is pas vertel dat U Woord *so-en-so* iets sê, dat U in U Kerk sou wees, en maak Uself bekend, net soos U het; ek het hom dit heel week lank hoor vertel. Ek. . . Die man sal beslis die waarheid praat, want ek gaan reguit huis toe, lees dit uit die Bybel, dis 'n belofte. Miskien is ek dit nie geleer nie, maar ek weet dis die waarheid. Ek glo U, ek glo U, Here, help U my ongeloof."

242 Nou daar, daar. In die Naam van Jesus Christus, neem ek elke gees hierbinne onder my beheer.

243 Hier, lig julle kop op. Die klein, grys-kop dametjie wat daar sit. . . Ek moet. . . net hier, die, hierdie dametjie net hier, hier's die dame, ek's jammer, nie hierdie een nie. Hang hier oorkant.

244 Kan julle nie daardie Lig sien nie? Kyk hierna, die amber Lig soos julle in die foto sien, daar is Dit reg bokant die dame, Dit beweeg rond. Vergewe my as ek julle dit vra, hierdie is 'n ander dimensie.

245 Ek besef dat ek in 'n ouditorium is, en ek besef ek kyk na 'n vrou, en sy bid, en ek hou haar dop. Ek het haar nog nooit in my lewe gesien nie. Maar ek kan. . . As ek jou sal vertel, deur die Heilige Gees, waaroor jy bid, sal jy weet of dit die waarheid is of nie. Jy bid oor 'n breuk. Dit is reg. Ook, 'n ingewandsprobleem, komplikasies. As dit reg is, steek jou hand op soos *hierdie*. As ek 'n vreemdeling vir jou is, steek jou ander hand op.

Daar's 'n seker teken van Sy opstanding. Sy het Iets aangeraak. Is dit reg?

Wat van julle almal? Glo julle?

246 Ruggraat probleem. Ek ken jou nie, ken ek? Ons is vreemdelinge vir mekaar. Jy het probleme in jou ruggraat. Wat as God vir my sou sê wie jy is? Sal julle glo dat ek Sy profeet is? Mev. Hollenbach. Dis reg.

247 Dit het jou vriend gehelp wat langs jou sit. Ek ken jou ook nie, maar God ken jou. Maar jy bid nie vir jouself nie, jy bid vir iemand anders. As ek vir jou sê wat dit is, sal jy glo dat ek Sy

profeet is? Jy bid vir ’n neef wat ’n alkoholis is. As dit reg is, steek jou hand op.

Ek daag julle uit om te glo.

248 Hierdie man wat hier sit met sy hoof gebuig, huil, bid, hier sit op die trappe. Jy het maagprobleme, het jy nie, meneer? Jy’s ’n vreemdeling by ons. Jy bly ’n rukkie, moet teruggaan huis toe, jy’s van Des Moines. Dis reg. Jou vrou het ’n klierprobleem, het sy nie? Jou seuntjie, klein kindjie het ’n asmatiese toestand. As dit reg is, steek jou hand op. Sit jou hand oorkant op albei van hulle; glo, en gaan huis toe, en word gesond.

249 Jy het nie so-iets soos ’n gebedskaartjie nie, het jy, meneer? Jy het net geglo, is dit reg? Ons vreemdelinge vir mekaar is, steek jou hand op. Ek en jy ken mekaar nie, ons is vreemdelinge vir mekaar. Hê geloof.

Wees in gebed. Ek het iets sien gebeur, ek’s nie te seker waar dit was nie. Glo, eerbiedig.

250 Dis ’n man. Lig jou kop op, net hierbinne. Jy ly aan ’n galblaasprobleem. Jy het gebid: “O God, laat dit ek wees, vanaand.” Dit reg, meneer? Is ons vreemdelinge vir mekaar? Steek jou hand op as ons vreemdelinge vir mekaar is. Kan jy nie. . .? Ek weet julle kan Dit nie sien, daardie Lig bokant hom nie. Jy’s nie van net hier af nie, jy’s van ’n stad met die naam Canton. Dis reg. Jou naam is Mnr. Ellis. Dis waar, is dit nie? Steek jou hand op. Dis reg.

251 Hier’s ’n dame, net onder jou, wat hier onder sit, hande bo by haar mond, wat bid, sy het ’n maagprobleem. Jy het ’n brongiale toestand in jou keel, ook. Ons is vreemdelinge vir mekaar. Sê, jy’s ook van Canton. Dis presies reg. Jou naam is Mev. Effland, E-f-f-l-a-n-d. As dit reg is, steek jou hand op, of, staan op jou voete sodat die mense kan sien dat dit die waarheid is. Nou, as ons vreemdelinge is, steek jou hand op. Glo jy my? Dan stuur ek jou huis toe om gesond te wees, in die Naam van Jesus Christus.

252 Ek ry Daarop! Dit kan nie faal nie, Dis Jesus Christus, die Seun van God, opgewek uit die dood, wat dieselfde ding doen wat die Heilige Gees deur die man uitgelê het, vanaand, en gesê het: “soos dit van Emmaüs af gekom het, om afgesonder te wees by God.” Glo jy dit met julle hele hart?

253 Nou, terwyl dit blind word vir my, hoeveel sondaars hierbinne is. . .? Elkeen van julle kom hiernatoe, en staan net ’n oomblik by my. Wil julle in die Heerlikheid inry op Sy Woord? Kom hier, en staan net ’n oomblik hier. Nog een? Kom uit van die balkon af. Staan op. Alle sondaars kom hiernatoe net ’n oomblik, jonk en oud. Dis die manier om te kom. Kom reguit vorentoe. Dis alles reg, broer. *Sulke* oortuiging, en manne wat oor mekaar val. Kom. Kom!

254 Waarom vertrou jy op enigiets wat onseker is, een of ander kerkteologie? Kom word gebore uit die Heilige Gees of jy's verlore. Jou kerk sal jou nooit red nie, so goed as wat dit mag wees. As jy net aan die kerk behoort, is jy verlore totdat jy wedergebore is. Kom! God het die Woord gegee as 'n seker klank, Hy bevestig Dit met 'n seker klank, en Dis volmaak in orde. Kom! Elke siel wat deur sonde onderdruk is, kom, vertrou op die Here. Ek nooi julle uit om te kom. Geen onsekerheid hieroor nie, God het so gesê, God bevestig die Woord.

255 En julle hoor Dit vir een van die laaste kere, want ek gaan die land verlaat. En daar sal nooit nog een op die veld wees totdat ek weg is nie, SO SPREEK DIE HERE, daar was nie, en sal nie wees nie. Kom terwyl julle kan. Onthou, ek sal julle ontmoet by die Oordeel.

256 Jy sê: "Jy behoort een of ander patetiese lied te sing." Jy behoort op te staan uit jou sitplek, en op die oortuiging te kom, nie oor 'n patetiese lied nie, maar die Woord van God, en die getuienis van die Heilige Gees. Vlug vir die toorn van God wat kom, vlug van die vlamme van die hel wat agter jou lê. Kom, terwyl jy 'n kans het om te kom.

257 Onthou, ek sê in die Naam van Jesus Christus: Ek sal nie verantwoordelik wees vir julle sondes by die Oordeelsdag as julle nie nou kom en Christus ontvang nie.

258 Julle wat nie die Heilige Gees het nie, julle wat nie weet dat julle 'n ware Christen is nie, kom julle, ek daag julle uit, ek roep julle, ek oortuig julle, in die Naam van Jesus Christus om te kom. Dink julle dis te ver van die balkon af? Dit sal 'n langer afstand as dit wees, wanneer julle daardie pad stap na die Ewige hel, waar julle 'n tyd lank sal skroei vir Ewigheid.

259 O Here, die res hang van U af, ek kan niks meer doen nie.

260 Die uur word laat, God se geduld word dun. Hierdie mag die laaste keer wees wat jy ooit 'n oproep op jou hart sal hê, jy beter kom. Jy mag uitroep vir daardie oproep een aand wanneer jy daarbuite op die hoofweg lê, bloed wat uit jou are loop, vasgepen onder 'n motor; oorkant in die bed lê, en die dokter wat sê jy's gedaan, jy mag daardie gevoel in jou hart wil hê, dit sal nie daar wees nie, Hy sal vir jou lag. Jy beter nou kom. Onthou, ek sê vir julle, in die Naam van die Here.

261 Julle glo. . .Ek het myself nie Sy profeet genoem nie, julle het. Ek weet dan die Woord van die Here, is waar, Hy het Dit bevestig. Kom.

262 Kom elke siel, kom. Dis reg, kom, kom nou, terwyl julle kan kom. Vlug vir die toorn wat kom, wat hierna volg.

Heiland,

Goed, persoonlike werkers, kom julle.

. . .my nederige roep;

Terwyl U ander roep,

Sondaar, kom saam met hulle.

. . . my nie verby . . .

Jy sê, jy's bang om 'n bietjie slaap te verloor? Wat van Lewe?

Heiland, Heiland, (. . . ? . . .)
Gaan my nie verby.

Heiland, Heiland,
Hoor my nederige roep;
Terwyl . . .

263 Net 'n oomblik. Julle Metodiste studente hier, ek wil graag net 'n oomblik met julle praat. Hier kniel 'n Metodiste prediker voor my, sy broer is een van die groot manne by Asbury. Steeds 'n Metodis, maar is gevul met die Heilige Gees. Die krag van God is in sy lewe.

264 Broer Collins, sal jy net op jou voete staan, 'n oomblik? 'n Metodiste prediker, hier's sy hele familie is Metodiste, kom deur die Metodiste kollege, en skole, alles, hoë grade, en alles, en hier is hy. Hoor die Stem van God, en kom, en het die doop van die Heilige Gees ontvang. Is dit werklik, Broer Collins? vir die Metodiste studente.

265 Kom almal van julle. "Daar is 'n Fontein gevul met Bloed, getrek uit Emmanuel se are." Kom.

O, hoor my nederige roep;
Terwyl U ander roep,
Gaan my nie verby.

266 Nou laat ons almal ons hoofde oral buig. Metodiste, julle bid op die manier wat julle dit in julle Metodiste kerk doen; Baptiste, julle doen dieselfde; Presbiteriaan, doen jy dieselfde; Pinksters, doen julle dieselfde. Julle hier wat op julle knieë is, ek gee julle aan Jesus Christus as die trofeë van Sy Woord.

267 Ons Hemelse Vader, ek gee vir U hierdie groep mense, vanaand, as trofeë van U Boodskap, van U Heilige Gees, die seker klank wat uitkom wat bewys dat U nie dood is nie, maar U 'n lewende Christus is, wat in U Kerk lewe, wat in U mense lewe, wat aan hulle die Heilige Gees gee, my uitnooi om te kom, aan almal wat sal kom, ongeag van hulle affiliasie, en hulle stelsel waaraan hulle mag behoort.

268 U is God, U verander nie, U bewys Uself as God, U ken die hart van elke mens, U ken die naam van elke mens, U ken hulle toestand, hulle dwaasheid, U weet alles, God, want U is alomteenwoordig, almagtig, oneindige God.

269 Ek bid dat U hulle sal red, Here, deur U genade, hulle sal vul met die Heilige Gees, stuur die Gees van God op hierdie hele gehoor, Here, en laat net elke hart versadig word. Mag die gelowiges nou gesalf wees met die Heilige Gees, dat hulle

dankbaar mag wees teenoor God dat hulle gered is in hierdie dae, skenk dit, Here, laat elkeen wat deur sonde onderdruk word.

Ek sal die predikers hier laat uitkom, ek sal julle hier rondskuif, staan oor hierdie broers hier . . .?. . .

Goed, Broer, ek's moeg en ek's vermoeid. Sal jy die diens neem? God seën jou . . .?. . .

(Gaan onder hulle in. Gaan hier ondertoe.)

270 Net nou, hierdie is die uur. Amen. Staan op julle voete om die Heilige Gees te ontvang, elkeen van julle.

61-0415E Die Onseker Klank
Illinois Wesleyaanse Universiteit
Bloomington, Illinois V.S.A.

AFRIKAANS

©2024 VGR, ALL RIGHTS RESERVED

VOICE OF GOD RECORDINGS
P.O. BOX 950, JEFFERSONVILLE, INDIANA 47131 U.S.A.
www.branham.org

## Kopiereg kennisgewing

Alle regte voorbehou. Hierdie boek mag gedruk word op 'n tuisrekenaar vir persoonlike gebruik of om uitgegee te word, gratis, as 'n middle om die Evangelie van Jesus Christus te versprei. Hierdie boek kan nie verkoop word, op groot skaal gereproduseer word, op 'n webtuiste geplaas word, in 'n opsoekstelsel geberg word, vertaal word in ander tale, of gebruik word om fondse in te samel, sonder die uitdruklike geskrewe toestemming van Voice Of God Recordings®, nie.

Vir meer inligting of vir ander beskikbare material, kontak asseblief:

VOICE OF GOD RECORDINGS

P.O. BOX 950, JEFFERSONVILLE, INDIANA 47131 U.S.A.

www.branham.org